DIE BONATUURLIKE LEWE

Dr. Gerrie de Haas

gerrie@gedaministries.co.za

INHOUDSOPGAWE:

DIE BONATUURLIKE LEWE

Handelinge 1:8;
'Maar, julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom.'

Die dinge wat ons nie weet dat ons dit nie weet nie, beperk ons vermoëns om te sien wat nog kom, want dit skep 'n leemte in ons verwagtings.

1. Die openbaring van Jesus Christus.
2. Die bewaring van die liggaam van Christus.
3. Intimiteit met God.
4. Die bonatuurlike krag van God.
5. Die verbond van beskerming.
6. Nuwe uitstorting van Sy Gees.
7. Jou geesmens.
8. Die Elia-bediening.
9. Die karakter van Heilige Gees.
10. Die bonatuurlike lewe.

DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS

Die hele lewe gaan oor gewone mense wat in kontak kom met ‘n bonatuurlike God.

Kom ons kyk na onse Here Jesus Christus:
Ons ken Hom as die Koning van konings. As ons meer van Hom leer sal ons meer verstaan oor hoe die Godheid regtig werk.
As ons kyk na die begin verstaan ons dat Jesus Christus vanaf die ewige verlede deel is van die Drie-enige God.

Wat gebeur by die Skepping van die Hemel en die Aarde?
Ons lees wat gebeur op die sesde dag. Die skepping is amper voltooi. Nou kom die klimaks van die skepping:

In Genesis 1:27-28;
‘En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape.
En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.’

Hier word die mens geskape. Man en vrou en hulle het die belofte van God dat hulle aanmekaar uitgegee gaan word, vrugbaar sal wees en die aarde sal vul. Mens was hier deel van God se skepping. Hulle was die eerste wesens met ‘n gees omdat hulle na die Godheid se beeld geskape is.
Of hierdie eerste mense Gees-vervuld was, weet ons nie.
Hulle het verseker die vermoë gehad om dit te doen want daar was immers ‘n gees-deel in hulle.

God het ook ‘n plan gehad met die Tuin van Eden. ***Genesis 2:8;***
‘Ook het die HERE God ‘n tuin geplant in Eden, in die Ooste’.

Hoeveel jare daar was tussen die oorspronklike skepping van die mens en die Tuin in Eden, is onbekend.
Lucifer, die engel van God, was ook oorspronklik in hierdie tuin. Daar het sonde in hom gekom agv. sy pragtige liggaam en ook omdat hy jaloers was. Hy was jaloers omdat God al die aanbidding van die engele ontvang het, en nie hy nie.
Die sonde wat in Lucifer ingekom het, het veroorsaak dat God hom

gestroop het van sy pragtige liggaam en van sy heerlikheid.
Hy was nou net 'n gevalle engel en net 'n gees. Sy naam: Satan.
Die vraag word dikwels gevra: 'Hoe kon 'n goeie God dan ook 'n Satan gemaak het?'
God het nooit vir Satan gemaak nie. Hy het wel vir Lucifer – die briljante - gemaak. Lucifer het homself die Satan gemaak. Die 'bedrieër' en die 'teenstander'.

Soms ook die vraag: Hoe kan 'n liefdevolle God toelaat dat mense seerkry en swaarkry? God maak mense met 'n eie wil om keuses te maak. Sy plan is dat hulle moet heers oor alles. Die grootste rede vir seerkry en swaarkry is verkeerde keuses en foute wat ons self bedink en self toelaat.

In ***Genesis 2:7*** skep God vir Adam. Eers Adam alleen.
'En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword'.

Hierdeur word Adam geesvervuld en kon hy in die Gees met God één wees. Adam is geplaas in die Tuin van Eden terwyl daar ander mense op die aarde gewoon het. Adam word hier geplaas as die eerste koning. God se verteenwoordiger van Sy Koninkryk.

Eers in ***Genesis 2:21-25***, word Eva gemaak – uit Adam.

'Toe het die HERE God 'n diepe slaap op die mens laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy ribbebene geneem en die plek daarvan met vlees toegemaak.
En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.
Toe sê die mens: Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem'.

Hierdie is duidelik 'n totaal ander prentjie as die oorspronklike skepping. Dit was ook die begin van 'n geestelike oorlog. Daar was kompetisie tussen 'geskape mens' en Satan. God skep vir Adam en plaas hom in die tuin in Eden. Hierdie was die plek waar Lucifer voorheen gedien het, voordat mense gemaak is.
In die boek van Esegiël staan dat Lucifer eerste in die Tuin in Eden was. Dis waar sy trots en sy afguns op God begin het en dit was die rede waarom hy uitgegooi is uit Eden.

Toe hy uitgegooi is, het Adam ingekom.
Dadelik was daar jaloesie, haat, bitterheid en slegte verhoudinge.
Lucifer wou sy posisie terug kry, maar hy moes nou die mens teengaan.
Lucifer, nou die Satan, het direk na die Tuin in Eden gegaan.
Sy doel was nie om die mens te sien val nie – sy doel was om die heerskappy wat hy gehad het oor die aarde, te probeer terugwen.

In die Tuin van Eden was twee bome.
Eerstens die boom van die kennis van goed en kwaad.
Hierdie boom het onderwys, informasie en openbaring aan die mens gegee.

Omdat Adam en Eva direk in die Gees in 'n verhouding met God gestaan het en dierk van Hom geleer het, wou God nie dat hulle enige kontak met hierdie boom moes hê nie. Dit is waarom God gesê het dat hulle nie eers daaraan mag raak nie. As die mens van hierdie boom sou eet sou hy geestelik sterf.

God se opdrag aan Adam was: 'Bly hier in die tuin en heers daaroor.' Adam se een groot sonde was dat hy nie geheers het oor die tuin nie. Hy moes nooit 'n vreemde gees – die gees van die slang – ooit hier toegelaat het nie. Ons weet dat hierdie satans-gees hulle mislei het en die sonde wat daarop gevolg het.

Die tweede boom: Die boom van die Lewe.
Wie was die boom van die lewe? Jesus Christus.
Hy was die Tempel in die Tuin in Eden.

Na die sondeval het God dadelik afgegaan in die Tuin om die boom van die lewe te laat oppas. Niemand mag aan Hom geraak het nie.

Dit is nou waar Jesus Christus inkom.
Terwyl die boom beskerm is deur gérubs, was daar 'n swaard wat gevlam en geflikker het. Hierdie swaard kon in alle rigtings beweeg. Die swaard wat vlam praat van die 'Woord van God'. Omdat dit in alle rigtings kon beweeg, beskerm dit al die areas van jou lewe. Die vlammende en flikkerende swaard praat van die krag van die Woord, deur Heilige Gees. God moes die boom hiermee beskerm.

Gérub- engele was betrokke.
Hulle is normaalweg in die teenwoordigheid van God, in die hemele. Hier het hulle afgekom om die boom van die lewe op te pas.

Hierna hoor ons vir ‘n lang tyd nie weer van die boom van die lewe nie. Die eerste keer weer is toe Moses geroep is.
Toe God vir Moses geroep het was daar ‘n brandende doringbos – ‘n boom. Wat beteken die brandende bos en die swaard?
Dit praat van die boom van die lewe en die vlammende swaard.
Die vlammende swaard wat in alle rigtings beweeg het was daar om die boom op te pas.
Omdat daar geen konflik was tussen God en Moses nie, het die swaard in die bos gebly. Die vlamme uit die swaard was oor die hele doringbos as vuur, maar dit het nie aan die bos geraak nie.

Wat was God hier besig om te doen?
Hy was besig om Sy eerste kerk te begin.
Die openbaring van Christus moes eerste aan ‘n mens gegee word.
Ons verwag dit nou weer vandag sodat ons in ‘n dieper verhouding met Christus kan gaan. Die volgende hoër vlak is nou hier!

Wie was die brandende doringbos? Jesus Christus.
Wat was die ander naam? Die Boom van die Lewe.
God sê aan Moses: ‘Moenie nader kom nie. Trek jou skoene van jou voete af, want die plek waar jy op staan, is heilige grond’.
Waarom was die grond heilig?
Die wortels van die Boom van die lewe (Jesus Christus) wou met Moses kontak maak, maar die leer van sy skoene het dit gekeer.
Die oomblik toe hy sy skoene uittrek, het die teenwoordigheid van God deur sy voete in hom ingegaan.
Op daardie oomblik het Moses en God één geword.

Die Boom van die Lewe, as Christus, wil ook so met jou kontak maak. Christus wil ook so Sy persoonlikheid aan jou oordra. Hy wil hê dat alles wat Hy vir jou sê, nie vreemd vir jou moet wees nie. Wat Hy nou vir jou wil sê, sal gebeur! Jy moet dit glo en dit aanvaar en dit verseël met ‘n intieme verhouding met Hom.

Hierna hoor ons nie weer van die Boom van die Lewe nie.
Hy verdwyn uit die prentjie vir duisende jare.

Hierna kom Jesus Christus aarde toe. Hoe is Hy gebore?
Alles wat hier gebeur is bonatuurlik. Een van die Drie-enige God kom aarde toe om as mens gebore te word. Die Godheid vind die geskikte vrou in Maria.

Maria kom van die naam ‘Mara’, wat ‘bitterheid’ beteken. Bitterheid het oor jare na die menslike ras gekom deur sonde.

Jesus moes as ‘n mens aarde toe kom.
Die mees getroue engel, Gabriël, het afgekom.
Hy het na Maria toe gegaan en vir haar gesê: ‘Kyk, jy sal swanger word en ‘n seun baar’. Maria vra toe: ‘Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie?’ Gabriël sê toe aan haar: ‘Geen ding sal by God onmoontlik wees nie’. (Lukas 1:37)

Hierdie woorde: ‘Geen ding sal by God onmoontlik wees nie’, is nie die eerste keer deur ‘n mens gesê nie. Dit is eers deur ‘n engel gesê wat God al ken voordat daar eers mense geskape was.
Engele het al God se wonderwerke en tekens gesien vir eeue lank.

En Maria het vir die engel gesê: ‘Laat dit met my gaan volgens u woord’. Wie se woord? God, die Woord.

Johannes 1:1;
‘In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God’.

Die oomblik toe Maria sê: ‘Ek aanvaar u woord’ – op daardie oomblik het Christus, die Woord, in Maria se baarmoeder ingegaan deur die werking van Heilige Gees.

Dieselfde Woord wat gesê het: ‘Laat daar lig wees, laat daar son en maan wees – daardie selfde Woord het nou gesê:
‘Laat daar bevrugting wees, laat daar bloedvate vorm, laat daar vlees wees!’ Die hele skepping het besef: God gaan nou as ‘n mens aarde toe kom om gebore te word as ‘n baba.

Voor die geboorte van Jesus het God nog ‘n keuse gemaak.
Hy moes ‘n man kies om Jesus se stiefpa te wees. Van al die manne kies Hy vir Josef. Josef beteken: ‘Hy wat bewaar en in stand hou’.

Josef moes eerstens Jesus, die fetus, beskerm om nie met klippe gestenig te word saam met sy ma, oor die ongevraagde swangerskap nie. ‘n Swangerskap voor die huwelik was gelykstaande aan owerspel, en dit moes met steniging beëindig word. God het dit verhoed. Hy het geweet dat Josef vir Maria en die kind sou beskerm.

Onthou: Josef wou Maria weggesteek het. God moes na hom toe kom en sê: 'Josef, seun van Dawid, luister nou na My'. Dis die eerste aanduiding dat God ooit iemand 'n guns gevra het. Josef het met sy verhouding met Maria aangegaan.
Hy het die swangerskap van God bewaar en in stand gehou en Maria nooit verlaat nie. So word Jesus Christus gebore.

Toe Christus gebore is was daar totale chaos in die geesteswêreld.
Elke deel van die skepping het elke oomblik daarvan dopgehou.
Al die engele en alles wat boos was, het kom kyk.
Toe daardie baba sy eerste skreeu gee, was daar 'n beweging in die hemele. Toe Hy uitgeskreeu het met geboorte in die Gees, was God se guns oor Hom. Die Koning is gebore. Elke knie moes voor Hom buig het. Tot die wyse manne buig al voor Hom.

Met die geboorte van Jesus was daar 'n ster oor Bethlehem.
Al die sterrekundiges oor die wêreld kon nooit so 'n ster vind nie.
Dit was maar eers onlangs dat hulle uitgevind het dat dit nooit 'n ster was nie, maar die grootste planeet van almal, Jupiter.
Daar is 'n lig uitgestraal wat die presiese plek aangedui het waar die Koning van die Koninkryk gebore is.

.....

DIE BEWARING VAN DIE LIGGAAM VAN CHRISTUS.

2000 jaar gelede het daar 'n gebeurtenis plaasgevind twee dae voor die grootste fees van die Jode van daardie tyd.
Die fees van die Pasga en van die Ongesuurde brode ('Pass-over') word gehou om die tyd te onthou toe God Sy volk uit Egipteland verlos het. Daardie nag het God Sy volk verlos toe die Doodsengel oor die stad gegaan. ('Passed over the city'.) Die Jode sien hierdie as 'n baie belangrike datum en dit word nog altyd jaarliks herdenk.
Dit was alreeds so in die tydperk toe Jesus op aarde was.

Alles was hierdie jaar in gereedheid vir die Pasga.
Duisende mense het na Jerusalem gestroom vir die fees.

Jerusalem, gebou deur Dawid, was die hoofstad en hoofsentrum vir alle geestelike dinge, besigheid en vir die industrie en was die grootste stad in Judea.
Almal kom met hulle families, skape, bokke en duiwe om die hele week by die fees deur te bring. Meeste van hulle het vir dae en weke geloop om hier uit te kom – baie op donkies en kamele, maar die meeste te voet.

Markus 14:1-2;
'En die pasga en die fees van die ongesuurde brode sou oor twee dae wees; en die owerpriesters en die skrifgeleerdes het gesoek hoe hulle Hom met lis gevange kon neem en doodmaak.
Maar hulle het gesê: Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk kom nie'.

Die Sanhedrin was ook besig om alles gereed te kry.
Hulle het egter 'n probleem gehad: 'n 33-jarige rabbi is besig om hulle baie probleme te gee, net omdat Hy nie inpas by hulle agenda nie. Hulle beplan om Hom dood te maak, maar daar is probleme. Duisende mense was duidelik baie imponeerd met Jesus.
Onthou daar was eers die 3000, daarna nog die 5000 wat gevoed is en die duisende wat bevry en genees is. Almal was nou ondersteuners van Jesus se evangelie. Die hoëpriester was bang om Hom gevange te neem met al hierdie volgelinge van Hom in die stad.

Markus 14:3;
'En toe Hy in Betánië was, in die huis van Simon, die melaatse, was.'

As jy van die noorde af kom is Betanië die laaste dorp voordat jy by Jerusalem kom – net 'n paar kilometer weg.
Jesus en Sy dissipels het daar oorgebly.

Betanië was vir Jesus 'n belangrike plek. Onthou, Sy vriend Lasarus en sy susters het daar gebly en ook ene Simon.
Simon was 'n welgestelde man, maar ongelukkig melaats. Vroeër was Jesus in Betanië. Daar het Hy vir Simon gevind en hom genees van sy melaatsheid. Hy was baie dankbaar teenoor Jesus en het sy vriend geword. So het dit gekom dat Jesus en sy manne by Simon aan huis was, twee dae voor die Pasga.

Markus 14:3; '...terwyl Hy aan tafel was..'

Die ete word vinnig bedien en die vroue verlaat die vertrek dadelik, want hulle was gladnie toegelaat om in die vertrek te wees as manne eet nie. So vind ons Jesus aan die tafel waar hulle gesit en gelê het, soos die gewoonte was in daardie dae.
Skielik gaan die deur oop en 'n vrou kom binne.

Markus 14:3; '...kom daar 'n vrou met 'n albaste fles in..'

Nou, hierdie was 'n baie ongeleë tyd vir haar om in te kom. Wie was hierdie vrou? 'n Prostituut of dalk Maria van Magdalena?
Maar defnitief iemand wat Jesus voorheen gehelp het.
Sy kom die vertrek binne. Jesus was nie naby die deur nie.
Soos die gewoonte was is Hy as die ge-eërde gas beskerm deur die gasheer en het Hy bo aan die tafel gelê. Ver weg van die deur af.
Die vrou moes dus bo-oor almal klim om by Hom uit te kom.

Markus 14:3; '..in haar hande 'n fles met egte, baie kosbare nardussalf...'

Wat is dit? Nardussalf is gemaak uit spesifieke speserye – ingevoerde speserye wat nie uit daardie area gekom het nie, maar uit Afrika. Dit was altyd gebruik deur die Egiptenare om hulle dooies se liggame mee te balsem. Dis waarom dit so duursaam was.
Slegs die rykes kon dit bekostig om liggame te balsem.
Wat doen die vrou nou?

Markus 14:3; '.en sy breek die albaste fles en gooi dit op sy hoof uit.' Skielik vul die geur van die kosbare salf die vertrek en dadelik het hulle geweet wat dit was. Dadelik het die gesprekke begin.

Markus 14:4-5; 'En daar was sommige wat by hulleself verontwaardig was en gesê het: Waarvoor het hierdie verkwisting van die salf plaasgevind?
Want dit kon vir meer as drie honderd pennings verkoop en die geld aan die armes gegee geword het. En hulle het teen haar uitgevaar'

En wat doen sy? Die inhoud van die fles was dik en jellie-agtig.
Jesus was op die grond by die tafel.
Sy keer die hele fles om en drup dit op sy hoof, dan sy skouers, sy lyf, arms, bene, tot op sy voete.
Sy smeer dit op die hele liggaam van Jesus.

Almal begin praat. Petrus dink aan 'n nuwe vissersboot wat hy kon koop met die geld. Wat 'n finansiële implikasie tog. Judas is skoon siek daaroor! Almal stem op die einde saam: Wat 'n vermorsing!

Skielik praat Jesus. ***Markus 14:6;*** 'Maar Jesus sê: Laat haar staan; waarom val julle haar lastig? Sy het 'n goeie werk aan My gedoen'.

Hulle is almal stil. Hulle noem dit 'n verkwisting. Jesus noem dit 'n 'goeie ding'. Die dissipels kan dit nie glo nie. Wat hulle 'n vermorsing noem, noem Hy 'goed'.
Jesus gaan verder om te verduidelik waarom Hy dit goed noem.

Markus 14:7; 'Want die armes het julle altyd by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen; maar My het julle nie altyd nie'.

Wat beteken 'arm' hier in Grieks? 'Onproduktiewe' of 'lui' mense.
Hy sê dat ons hulle altyd onder ons sal hê.

Markus 14:8; 'Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam vir die begrafnis gesalf'.

Wat het sy gegee? Alles. 'n Hele jaar se inkomste en salaris. Alles wat sy gehad het. Alles wat sy gehad het, het sy gesmeer aan die liggaam van Christus. Sy het dit gedoen om Sy liggaam voor te berei vir Sy begrafnis. Sy het dit geweet en dit verstaan.

Dis waarom Jesus sê in ***Markus 14:9***; 'Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie oor die hele wêreld verkondig word, daar sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar'.

Hierdie vrou het haar nie gesteur aan wat mense gesê het nie.
Sy het gedoen wat sy moes en wat sy wou doen.

Kom ons gaan terug na die begin toe:
God het man en vrou gemaak en aan hulle die opdrag gegee om die aarde te vul en Hy het hulle geseën. Dit was nog altyd Sy plan.

Genesis 1:26; **'**En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers..'

Let mooi op: God sê: Laat HULLE heers - nie laat ONS heers nie.
Dis duidelik dat God van die begin af bereid was om Sy reg hier op aarde op te gee en dit oor te dra na Sy kinders, sodat hulle Sy droom kon bewaarheid maak.

Dit is waarom die enigste wesens wat wettiglik die reg het om te heers op aarde, God se kinders is.
God is gees. Hy is teenwoordig op aarde in die liggame van mense – of hulle Hom dien of nie. Enige geeste wat hier rondsweef wat nie in liggame is nie, is onwettig op aarde.
Kyk weer: Slegs mense het die reg op aarde.
Geeste sonder liggame is onwettig – dit is Satan en sy demone.
Daarom, as hulle onwettig is kan hulle uitgedryf word.

Satan en sy demoniese geeste begeer die hele tyd om in menslike liggame te kan inkom. As hulle eers inkom probeer hulle om daardie liggaam te beheer. As hulle eers die liggaam beheer verniel en verwoes hul dit. So werk hulle teen God se plan vir ons. Dit is waarom daar op aarde so baie duiwels-besetenheid en aktiwiteite is. Dis so belangrik dat jy en ek in outoriteit begin wandel sodat ons hierdie demone uit mense kan dryf as hulle eers houvas gekry het.

Engele van God is op aarde met God se toestemming.
Maar nêrens in die Bybel sal jy 'n engel sien demone uitdryf nie.
Hulle het nie die outoriteit van God om dit te doen nie.
Engele sal alleenlik iets doen as julle hulle vra om dit te doen.
In Hebreërs lees ons dat engele 'dienende geeste' is en hier is om die wil te doen van hulle wat erfgename is van God se genade.
Engele is hier om opgragte uit te voer. As jy hulle vra om jou huis op te pas, sal hulle. Jy het die mag om dit te doen.

God het nog altyd engele aarde toe gestuur.
Elke keer as hulle opdaag het daar iets gebeur.
Die engele sal egter alleenlik doen wat hulle beveel is.
Hulle sal ook vir jou sê: 'Jy het die outoriteit op aarde, nie ons nie'.

God is gees.
Hy is almagtig, alom-teenwoordig, alwetend en vir ewig.
Maar, daar is 'n praktiese probleem. Toe God sy outoriteit aan mens op aarde gegee het, het Hy dit aan ons gegee: 'n Mens met God se gees in ons liggame. God, wat gees is, is van die mens afhanklik om Sy wil hier op aarde uit te voer. God kan nie net op aarde inkom nie.

Nie sonder toestemming nie. Nie omdat Hy nie die krag het nie, maar net omdat Hy nie Sy woord sal verbreek nie.
Sy Woord sê: 'Slegs geeste in liggame is toegelaat op aarde'.

In die begin het God nie 'n liggaam op aarde gehad nie.
Sy liggaam was beperk tot Adam en Eva. Onthou, Hy het Sy Gees in hulle geblaas en het nou geleef in hierdie twee mense.
Lucifer, nou Satan, is onwettig op aarde. Hy is slegs gees.
Sy liggaam is afgestroop van hom af agv. sy sonde.
Hy beplan om God se skepping te laat val.
Omdat hy slegs gees is moet hy 'n liggaam hê.
Satan kom en neem die aardse liggaam van die slang aan.
Hy moet dit doen om iets te kan regkry hier op aarde.

Eva is wettig hier. God se Gees in 'n aardse liggaam.
Satan begin om met haar te kommunikeer.
Hy intimideer haar, lieg vir haar en hy gee haar verkeerde inligting.
Op die ou einde is sy ongehoorsaam aan God en breek sy Sy wet.

Al die tyd het God na dit alles gesit en kyk. Die probleem is dat God nie net kan inkom om alles te stop nie. Hy het nie 'n aardse liggaam nie. God sien hoe Sy hele plan, Sy skepping, besig is om op te breek.

Die almagtige God kon nie op daardie oomblik iets daaraan gedoen het nie. Hoekom nie? Hy sal nooit Sy Woord verbreek nie.
Hy is besig om toe te kyk, as 'n Gees, na 'n situasie waarin Hy die outoriteit aan die vlees gegee het.

God sal nie die wet breek nie. Satan weet dit ook. Hy weet dat God nie 'n liggaam het nie. En die een wat Hy wel gehad het op aarde, het Hy nou net verloor. Adam en Eva, as die hele menslike ras, het geval.

As God Sy belofte één keer sou breek, hoe sou ons Hom ooit weer daarna vertrou het. Die Bybel sê: God is betroubaar, al is ons nie. Hy bly deur alles getrou.

Die belangrike ding om te besef is dat God Sy belofte gehou het met die val van die mens.
So, Hy sal verseker ook Sy belofte hou om die mens te verlos ook.

Die mens het geval. Die Heilige Gees kon nie meer woon in 'n liggaam vol van sonde en rebellie nie.
Dus is God ook uitgehou uit die liggaam van die mens.
Satan neem die wêreld oor en Hy weet dat God nie kan inkom nie.
Maar, hy het nie geweet dat God nog Sy Seun, die Woord, kon stuur nie. Dit het inderdaad eers 4000 jaar later gebeur.

Genesis 3:15; God begin om met Satan te praat:
'En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt'.

God sê vir hom: Jy dink Ek kan nie inkom nie, en jy is reg, maar, Ek sal vir jou 'n belofte gee. Jy het 'n vrou gebruik om die mens te vernietig. Ek beloof jou, dit sal weer 'n vrou wees wat Ek gaan gebruik. Ek sal in 'n vrou kom, wettiglik, en Ek sal kom en jou kop vermorsel. Die vrou se liggaam sal My huis wees.
Sy sal die aardse liggaam verskaf aan My en Ek sal wettiglik kom!

Daarna was Satan bang. Hy het alles dopgehou en gewag.
Intussen het hy mense op aarde gebruik om sy werk te doen.
Mense soos Farao, wat bereid was om al die seuntjies te soek en dood te maak. Satan het geweet God moet kom as 'n baba.
Dis een rede hoekom hy so lief is vir aborsies. Hy haat kinders.

Deur die hele verloop van die Ou testament het Satan baie vrees opgebou. Elke profeet het kom sê: Hy kom. Die Koning kom, wettiglik as die Seun van God. Emmanuel – God met ons en in ons. Maria sal die baba kry.

Die belofte kom: Maria sal die huis gee. God gee die inwoner.
Die Gees – die Seun. God in die vlees om die outoriteit terug te neem wat van Hom weggesteel is.

Die engel kom sê vir Maria: Dis tyd.
God wil jou liggaam, jou baarmoeder, gebruik vir Sy Woord.
Uit die hemele stuur God Sy Woord. Soeesh – die Woord val in Maria se liggaam.

Johannes 1:1;
'In die begin was die Woord en die Woord het vlees geword'.

God sê vir Maria: Jy moet Hom Jesus noem.
Die Kind word Jesus genoem – die Seun.
Die Gees in Hom het alreeds 'n naam: Christus. Hy was God.

Die duiwel was kwaad. Hy hardloop na die man Herodus en sê vir hom: Maak Hom dood! Herodus stuur sy manne.
Alle seuntjies word vermoor, maar Josef sit alreeds in Egipte.

Die jong man word groot. Hy loop rond.
Sy naam is Jesus. Binne in Hom is Christus.
* Volkome mens: Jesus in die vlees.
* Volkome God: Christus in die Gees.

God het op aarde arriveer – wettiglik.
* Die huis: Jesus.
* Die Inwoner: Christus. Jesus is die liggaam van Christus, vir 'n tyd lank.

Die tyd vir Sy bediening het gekom.
Jesus stap af na die Jordaanrivier, na Johannes die Doper.
Toe Johannes Hom sien sê hy dadelik: 'Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem'.
Jesus sê vir Johannes: 'Jy het die outoriteit hier op aarde.
As jy My nie doop nie, kan Ek nie uitgaan nie'.
Jesus gaan in die water in en word gedoop. Dadelik spreek die Vader: 'Dis My geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het'.

Daarna lei die Heilige Gees Jesus na die woestyn toe om versoek en getoets te word. Jesus moet getoets word, nie Christus nie.
Hoekom?
Christus het nie nodig om getoets te word nie. Hy is God.
Dit was die vlees – die liggaam, Jesus, wat daar moet deurgaan.
Hoekom?
God wil hierdie liggaam gebruik vir bloed, vir wonde en vir die opstanding, en dit moes deur alles gaan.
Daarom kom die toetse in aptyt, in trots en in krag.
Jesus slaag die toetsing en begin Sy bediening – vol van die Heilige Gees.

Die tyd het gekom vir Jesus om dood te gaan.
Christus kon nie sterf nie, Hy was gees en geeste kan nie doodgaan nie. Dis die woning, Jesus, wat moes sterf. Die tyd het gekom om

die bloed te stort vir die versoening. Geeste het nie bloed nie. Jesus, die woning het die bloed in Hom. Christus sê vir Jesus: 'Kom ons gaan Jerusalem toe'. Jesus dra Christus na die kruisiging toe.

Nou is ons weer by die huis van Simon, die melaatse, in Betanië.
Jesus lê op die grond by die tafel. Christus is in Hom.
Die vrou stap binne. Sy het 'n openbaring van God gehad.
Sy was 'n prostituut, maar gebore met 'n doel.
Dis belangrik om te sien dat dit nie saak maak as ons foute gemaak het nie. God kan ons nog altyd gebruik!
Sy stap in. Jesus lê op die grond. In haar hande egte salf – balsem salf. Sy breek die seël en giet dit alles uit oor die liggaam van Jesus.
Sy begin om dit in te smeer.
Hierdie salf is gemaak om gebruik te word vir dooies.
God is besig om Jesus se liggaam te bewaar voordat dit nog dood is.

Waarom is hierdie vrou besig om die liggaam te bewaar?
In die Midde-Ooste het ons 'n uiterste klimaat. Die humiditeit is so hoog dat 'n liggaam wat sterf binne 24 uur begin ontbind.
Die bakterië begin dadelik werk.
Die vrou vryf die balsemsalf in die liggaam om dit teen verrotting te bewaar.

Na 'n dag vandat Jesus weg is van Betanië, is Hy gekruisig.
Hulle het inbeweeg in Jerusalem en die laaste maaltyd saam geëet en hulle is daarna na Getsémane.

In Getsémane kom die tyd van droefheid.
Christus sê vir Jesus: 'Kom ons gaan. Dis waarvoor ons aarde toe gekom het'. Jesus weet dit. Hy staan op en sê vir Sy dissipels: 'Ek is gereed, kom ons gaan'. Hy word ge-arresteer en gekruisig.

Jesus hang aan die kruis. Christus is in Hom.
Die finale minute breek aan. Jesus is besig om te sterf.
Al die sonde van die wêreld kom op Hom. Elke kanker, elke hoofpyn, elke abses en elke siekte kom in Sy liggaam in.
Die Bybel sê Sy liggaam was daarom so verwronge, dat dit onherkenbaar was.

Jesus roep uit na Christus in Hom: 'Moet my nie verlaat nie!'
Christus sê: 'Ek moet gaan. Ek sien jou weer oor drie dae!'
Jesus roep: 'Eers oor drie dae! Jy weet mos liggame vrot in een

dag!' Christus sê vir Hom: 'Ek weet, maar die vrou in Betanië het seker gemaak dit sal nie gebeur nie. Jou liggaam sal bewaar bly'.
Jesus sê vir Christus: 'Jy kan nou maar gaan'.
En Jesus blaas uit en Christus gaan uit Hom uit. Jesus sterf!

Die oomblik dat Christus Hom verlaat, gaan Hy onder toe.
Die volgende oomblik stap Hy in die Doderyk in. Hy skop die deur oop en gaan in. Dis donker, gevaarlik, vol demone – maar Christus stap vreesloos in die gat van duisternis. Al die outoriteit is met Hom.

Hy loop reguit na die groot deur van verdoemenis en maak dit oop.
Op die troon sit 'n duiwel. Hy is die prins van die demone.
Die demoon begin skreeu: 'Wat doen jy hier? Slegs persone met liggame kan hier inkom. Nie net geeste nie!'
Christus hou aan met loop en sê: 'Ek het 'n liggaam. Hy is net op die boonste verdieping. Die demoon skreeu: 'Jy is onwettig hier. Niemand kan hier inkom tensy hy gesterf het nie'.
Christus sê: 'My liggaam het gesterf. Gaan kyk maar, dis daar bo.'

Skielik verskyn Satan: 'Wat wil jy hê?' vra hy.
'Ek het nog nie gekom vir jou nie Satan – nog nie nou al nie'.
Christus loop tot by Satan.
Die sleutels van die doderyk hang aan sy gordel. Jesus sit Sy hand om die sleutels en pluk dit los en sê vir Satan: 'Ek kom later vir jou'.
Christus loop in die grot van die Doderyk in. Binne in hoor Hy die geskreeu van duisende wat gevange gehou word.
Hy stop by elke sel, draai die sleutels en laat hulle uitkom.
Abraham, Isak, Jacob, die profete.
'Volg My hier uit. Ek het klaar die prys betaal'.
Die Bybel sê: Skielik het die grafte oopgegaan. Almal het uitgekom en aan mense verskyn. Later het hulle opgevaar na die Paradys toe.

Christus sê: 'Ek moet nou weer opgaan om alles af te handel'.
Hy kon alleenlik terug gaan aarde toe in 'n liggaam, want Hy was nou net 'n gees. Die liggaam het vir Hom gewag. Toegedraai in doeke en bewaar deur die vrou vroeër.
Christus kom terug en gaan in die graf in die liggaam van Jesus in.
Jesus word lewendig die oomblik toe die Gees in Hom inkom.

Die liggaam is bewaar al die tyd – drie dae lank, sodat Christus kon afgaan om Sy werk af te handel.
Christus kyk na Sy liggaam toe die verbande af was.

Daar was ‘n paar gate in, maar vir nou is dit goed genoeg.
Jesus Christus stap uit die graf uit. Hy groet vir Maria en gaan hou vergadering met Sy manne. Hier vertel Hy hulle wat die plan is. ‘Gaan dan heen en verander die wêreld’.
Hier roep Hy hulle bymekaar en die Bybel sê: Hy het op hulle geblaas. Christus sê vir hulle: ‘Ontvang nou die Heilige Gees’.

Daarna staan hulle almal buite. Jesus was besig om hulle te verlaat. Die Bybel sê hulle het Hom dopgehou saam met die engele toe Hy opgeneem is. Terwyl hulle kyk sê die engel: ‘Dieselfde Jesus – nie Christus nie – wat julle hier sien weggaan, sal net weer so terugkom soos wat Hy gegaan het’.

Die Bybel sê daar is nou net een Middelaar tussen God en die mens. Sy naam is Christus Jesus. Hy sit nou op die troon om vir ons in te tree. Hy het aan ons Sy Naam gegee om te kan heers oor die wêreld.

Jesus Christus sê Hy leef nou op aarde. Maar hoe kan Hy? Hy is dan net gees. Hy moet mos ‘n liggaam hê om nou op aarde te kan wees. Die Woord van God sê: Ons, die wedergeborenes, is nou die liggaam van Christus. Christus is nog steeds op aarde – wettig, in ons.
Hy is nou die Hoof van die liggaam.

Sê nou saam met my:
* Ek is die wettige liggaam van Christus. Ek maak Christus wettig op aarde.
* Here, maak my liggaam gesond want U het hom nodig om op aarde te mag bly.
* Here, verlos my van elke siekte en pyn en van elke binding in my siel, want my liggaam is vir U waardevol.

God is hier in Pietersburg, net omdat jy hier is.
As jy by die werk is, is God by jou werk.
Waar jou liggaam ookal gaan, gaan God ook, want Christus is in jou.
Jy is nou God se liggaam op aarde.

.....

INTIMITEIT MET GOD:

Die bonatuurlike lewe wat deur die Heilige Gees gevestig word in die lewe van elke Christen, is die erfdeel wat ons kan ontvang.
Dit het vir ons moontlik geword na die kruisiging van Jesus.
Dit is God se hart dat ons in 'n dieper intimiteit met Hom moet inbeweeg deur die inwonende Jesus Christus in ons – as die Heilige Gees.

Daar is verseker hoop vir elkeen wat ooit verlore was in sonde.

2 Korinthiërs 5:17;
'Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.'

Soveel heiliges kan vandag getuig van 'n lelike verlede wat skoongewas is deur die Bloed van Jesus Christus.

1 Johannes 1:9;
'As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.'

Soveel van ons wat vandag in die bediening staan moes al vrae soos dié beantwoord: 'Jy het ook maar 'n bewerige verlede gehad, is jy seker dat Jesus jou vergewe het?'
Ons moet verseker weet die die aanklaer van die Heiliges, Satan homself, nie sal ophou om jou verlede voor jou te gooi nie.

Satan hou soveel mense vandag in die kerk vas deur hulle skuldgevoelens, veroordeling en skande.
Dis sy doel om ons vir ewig te laat twyfel of ons sonde vergewe is.
Hy sal jou probeer oortuig dat jy altyd skuldig gaan wees.
Jy mag nie toelaat dat die duiwel vrees in jou hart kom plaas nie.
Jy het dit verseker nie nodig om in 'n lewe van vrees te lewe nie.
Jesus se bloed was genoeg! Hy kom sê weer vandag vir jou:
'Vergewe beteken ook vergeet. Dis alles verby.'

Ek glo dat ons elke dag moet getuig dat daar krag is in die Bloed van Jesus. Die Bloed van Jesus is immers een van ons grootste wapens in geestelike oorlogvoering.

Christus kom vandag na elkeen van ons en sê:
'Ek wil jou salf my kind en jou gebruik.

Ek wil hê dat jy My moet lief hê, dat jy My moet ken en dat jy graag soos Ek wil wees. Ek gaan jou gebruik om nasies te skud'.
Jesus sê: 'Bly in My teenwoordigheid. Ek wil 'n groter ding in jou doen as wat Ek deur jou kan doen'.
Dis die woorde van die Koning van die Koninkryk waarin ons moet begin beweeg.

In elkeen van ons moet daar 'n skoonmaakproses begin. Jou bekering was maar net die begin. Wat nou volg is om werklik vervul te wees met Heilige Gees – om werklik wedergebore te wees.
Elkeen van ons moet met vrees en bewing deur dié prosesse gaan.
Ons moet deur ou altare van ons familie werk sodat hulle geen invloed meer op ons kan hê nie. Breek met die gees van armoede en die gees van gesukkel en die gees van verwerping in jou familie.
Wees anders as almal in jou verlede. Verander en maak skoon jou DNA.

Ek sien nog elke week hoe mense vrykom en dan uitroep en skreeu agv die pyn van hulle verledes. Die grootste rede is dat so baie van ons nie die liefde en aanvaarding van 'n aardse vader ken nie.
Mans het nog altyd die idee dat 'Manne mag nie huil of emosies toon nie.' Dis verkeerd.
Die aanvaarding van Jesus se liefde is tog ook 'n emosie!

Die een les wat ons nog moet leer is dat dit nie belangrik is wie jy by jou werk is nie. Wie is jy as jy by die huis is?
Sien jou man of vrou ooit vir Jesus daar by hulle in die huis?
Laat die Heilige Gees toe om karakter in jou te bou.
Wie jy is en waaraan jy dink as jy alleen is, is baie belangrik.

As ons dink wat dit gekos het vir Abraham om sy seun Isak te gaan offer, moet ons iets verstaan. Isak was sy visie. Isak was sy toekoms. Isak was sy alles. Hoe kon hy hom ooit doodmaak? God kom vra vir jou weer vandag: 'Sal jy My meer lief kan hê as jou visie? Is jy bereid om My vir alles te vertrou? Wil jy My regtig hê?'

Hoe kom ons daar? Om Hom elke dag te soek. Tyd saam met Hom te spandeer. Praat met Hom. Vertel Hom wat jou bekommer.
Soek Sy teenwoordigheid.
Hou aan soek totdat jy Sy stem kan hoor. Hy gee ons dan die belofte dat as ons nader tot Hom, Hy nader sal kom.

Ek self het Hom gesoek totdat Hy gekom het. Tot waar ek Hom werklik gevind het. Totdat Hy my opgeneem het en my gesalf het met sout. Hy het gekom en my hele liggaam stelselmatig met sout kom invryf, sodat elke deel van my bewaar en beskerm kon wees. Hy het gekom en vir my kom sê: 'Ek wil jou instand kom hou vir dit wat nou gaan kom.' Hy het later gekom om my teen Hom vas te druk. Hy het die elektrisiteit van Sy teenwoordigheid deur my gestuur. Dis wanneer Sy heerlikheid uit jou kan uitgaan – op na Hom toe. Nee, dit kom uit jou uit, na Hom toe. Dis wanneer jy later voel jy kan nie meer staan in Sy teenwoordigheid nie.

Ons moet by die punt kom waar jy inloop in jou kamer, dan wag Hy vir jou. Stap in Hom in – Hy wag daarvoor. Hy wil jou intiem ken en moet nie probeer ophou ween nie – dis normaal. Ons bonatuurlike God wil hê dat ons bonatuurlike ondervindinge moet hê. Dit moet natuurlik en normaal vir ons wees om in Hom te wees.

Die vraag is: Wat het dit op die ou einde vir my beteken om so naby aan Hom te kom? Is dit werklik die moeite werd om sover te gaan? In tye van intimiteit met God het ek altyd gevra: 'Vader, ek wil so graag soos Jesus wees'.
God kon in daardie tye die liefde van Jesus in my plaas.
Liefde, sonder voorwaarde. Daar het 'n liefde vir mense bonatuurlik in my ingekom wat nie perke het nie. Ek kon daarna net vir almal lief wees met daardie liefde. God het ook konflik uit my lewe uitgehaal.

Al die jare het ek ook ongelukkig die God van godsdiens gedien. Vandag kan ek praat van visies, besoeke, om op ander plekke te wees, om gebruik te word en wonderwerke – dinge wat in die ou jare van kerkgaan net nooit daar was nie.
Dit is ongelukkig vandag nog net so in die kerk.

Die belangrikste dinge om as 'n kerk in 'n dieper verhouding te gaan, en so te funksioneer, begin met:
* Intimiteit met God,
* die profetiese salwing,
* Goddelike genesing,
* evangelisasie en die
* belydenis van sonde.

Moet nie verder wedywer met mense nie.
Die grootste rede hoekom ons nie in hierdie alles beweeg nie, is omdat ons nie genoeg moeite doen nie.
Jy wil maar net aankarring, met die verwagting dat eendag iets sal gebeur. Ek wil vir jou sê: Dit gaan nie vanself gebeur nie!

Ek lees van 'n jong man wat 'n sendeling was en op 'n afgeleë plek baie siek geword het. Daardie nag het hy gedink hy gaan dood.
Hy het by die Here gepleit vir sy lewe en sy bediening.

Hy sê dat hy skielik in die middel van die nag bewus was dat daar iemand by hom staan. Hy sien 'n ou man langs sy bed staan.
'n Ou man met knobbelrige vingers. Hy sê hy het nie geweet of hy deurmekaar was en of dit 'n engel was nie. Skielik sê die ou man vir hom: 'Ek het gekom om vir jou te bid' en hy sit sy hande op hom.
Die jong man sê dat die volgende oomblik het alles in hom warm geword en hy kon voel hoe rol die siekte uit hom uit. Die pyn en alles was oombliklik weg. Hy sê die ou man het in sy oë gekyk en die volgende oomblik was hy weg.

Die jong man spring uit die bed en roep uit van dankbaarheid.
Hy sê dadelik aan God hoe dankbaar hy is vir die genesing en dat Hy die engel vir hom gestuur het.
Maar, skielik praat God met hom en sê: 'Dit was nie 'n engel nie. Kyk wie dit was.'

Die jong man sien skielik 'n oop visie van die ou man. Hy sien die ou man staan in sy eie huisie met uitgestrekte arms in die lug terwyl trane oor sy wange loop en die man praat met God en sê: 'Ek wil so graag deur U gebruik word Here. Ek is oud en bly alleen. Die mense hier om my dink ek is mal. Kan U my nie vanaand gebruik nie?'
Skielik sê God vir die jong man: 'Ek het hom uit sy huisie gebring vir jou en hom gebruik. Daarna het Ek hom weer teruggestuur'.
Dis om getransporteer te wees.

Gaan vanaand en probeer by Sy voete sit. Maak jouself leeg dat Hy jou kan volmaak. Aanbid vir Jesus en wag op Hom.
Heilige Gees sal jou leer dat dit nie ure in tale praat en worstel en soek na Hom is wat belangrik is nie.
Ons dink dat as ons gaan ophou bid, dat Hy sal weggaan.
Nee, Jesus het 'n groter begeerte om saam met jou te wees, as jy.

Leer om in Sy rus in te gaan. Dis nie hoeveel jy bid wat tel nie – dis jou begeerte na Hom en hoeveel jy kan oorgee, wat tel.

Jesaja 40:31;
'Maar die wat op die HERE wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie.'

Ons lees van Maria wat by die voete van Jesus gesit het en na Sy lering geluister het. Sit daar totdat Hy met jou praat.

Hoe het dit in Samuel se lewe begin? ***1 Samuel 3:3-4;***
'Toe die lamp van God nog nie doodgegaan het nie, en Samuel lê en slaap in die tempel van die HERE waar die ark van God was,
het die HERE na Samuel geroep; en hy het geantwoord: Hier is ek.'

Gaan lê daar waar die ark is – in God se teenwoordigheid.
Al hoe dit nie sal kom nie is as jy ongeduldig is en nie jou gedagtes kan laat afskakel nie. Heilige Gees wil ons leer hoe om te kan ontvang. Jy hoef nie tot in die diepste te beywer nie.
Hy moet net weet jy het 'n hongerte in jou hart.

Een van die foute wat ons maak is dat jy so besig is om te soek na Jesus en nie besef Hy is alreeds daar nie.
Dis wanneer Hy vir jou sê: 'Ek is reg hier by jou want Ek is in jou. Moet My nie ver gaan soek nie. Al my heerlikheid en die Gees wat my lewendig gemaak het, is binne in jou.'

Bid saam: Here Jesus, ek wil in U teenwoordigheid instap.
Ek het so 'n begeerte na U.
Laat my U eers in die fisiese en in my siel ervaar. Laat my U voel. Raak aan my Here. Raak net aan my. Maak al my poort-openinge oop dat ek U, my Eerste liefde, weer opnuut kan ontdek. AMEN.

.....

DIE BONATUURLIKE KRAG VAN GOD

Alles wat God geskape het, het 'n spesifieke doel. God het nooit net iets geskape wat vir niemand tot voordeel kon wees nie.
Hy het aan ons Sy bonatuurlike krag gegee deur Sy Seun Jesus Christus want Hy het geweet dat ons dit sal nodig hê om die Groot Opdrag uit te voer en om staande te bly.

Die dag toe Jesus Christus vir Sy kerk kom sê het dat ons groter dinge sal doen as wat Hy gedoen het, het die bonatuurlike vir ons 'n werklikheid geword. Jesus kom sê ook: Kyk, Ek gee julle mag oor die krag van die vyand. Julle sal op slange en skerpioene trap en hulle oorwin en niks sal met julle gebeur nie.
Net daar het alles kom verander. Die Woord sê ook: Julle sal tot alles in staat wees deur Christus Jesus wat julle die krag sal gee.

Die oomblik wat ons die doel van God ignoreer, maak dit wat Hy deur ons wou doen, oneffektief. Mense sal dit verkeerd aanwend en negatiewe resultate sal volg. Ons moet in 'n posisie kom waar ons soveel van die onderskeiding van die Gees het, dat dit nie kan gebeur nie.

Wanneer kan ons hierdie krag ontvang en wat moet ons doen?
Na jou wedergeboorte moet jy totaal vervul word met Heilige Gees wat in jou woon. Dis die beginpunt.
In Handelinge staan: 'Maar julle sal krag ontvang as Heilige Gees oor julle kom'. Watse krag ? Bonatuurlike Goddelike krag.
En die doel ? Sodat julle iets meer kan word en iets meer kan doen as om net 'n gewone Christen in 'n kerkbank te wees. Baie kerke vra: 'Is dit dan nog nodig'? Ja. Anders sal jy 'n kragtelose lewe lei.

Hoe werk die bonatuurlike krag van God?
'n Man gee nou die dag hierdie getuienis:
Vir 22 jaar was hy 'n alkoholis. Hierdie was 'n vloek in sy familie-bloedlyn en hy was die derde geslag wat daarin verval het.
Terwyl hierdie man een aand sit en drink by die huis, kyk hy toevallig na 'n kerkuitsending op TV.
Die prediker preek oor verslawing en vloeke en sê: 'As iemand wat nou kyk voel dat God vir hom sê om sy alkohol weg te smyt, ek daag jou uit, doen dit nou'. Daar kom so 'n gevoel van aanklag teen hom dat hy net daar opstaan en alles uitgooi. Hy het daarna gesê hy was oortuig dat God met hom gepraat het. Hy sê: Bonatuurlike krag van God het in my ingekom. Die oomblik toe hy aksie neem was hy onmiddellik vry.
Hierdie man is vandag 'n predikant met 'n groot bediening onder verslaafdes en sy kerk het baie lidmate.
Mense, so werk die bonatuurlike krag van God.
Dis nie dat ons altyd vir iemand moet gaan bid of gaan besoek nie.

Hierdie krag kan net werk, ongeag afstand of tyd. Jesus Christus het nie Sy krag beskikbaar gestel sonder rede nie. Hy het alles gedoen met die oog daarop dat ons Sy Koninkryk op aarde vestig.

Hoekom het elkeen van ons vandag God se bonatuurlike krag nodig?

1. Vir die bou van Christelike karakter.
Karakter is dit wat in jou is en wie jy is.
Jy kan dit nie vervals of namaak nie. Dis óf daar óf nie daar nie.
Jou karakter word grootliks neergelê in jou opvoeding.

Dis baie bekend dat ons ons karakter kan bou en verander soos wat ons standaarde verander.
Jy mag uitstaande talente hê in bv. sport of musiek. Hierdie talente sal jou neem na die bopunt van die wêreld. Maar, as jy daar bo is, is dit jou karakter wat jou gaan help om daar bo te bly.
Dis jou karakter wat gaan maak of jy dit sal kan hanteer of nie.
Die oomblik van glorie en heldeverering bring baie toetse.

As jou karakter nie foutloos is nie, sal jy dit daar bo net nie kan hanteer nie. Ons sien soveel sportsterre en musikante wat vandag bo is, en more in ‘n kliniek vir drank- en dwelmverslaafdes lê.
‘n Dronktronk - omdat hulle nooit gedink het dis nodig om jou karakter bo te hou nie en nooit vir God gevra het vir Sy ingryping nie. Soveel predikante loop presies dieselfde paadjie.

Karakter kan nie verander op die basis van persoonlike idees, reëls, filosofieë of dinge wat jy bereik nie.
Om effektief jou karakter te verander het ons God se bonatuurlike krag nodig. Godsdiens wat baseer is op die volg van sekere reëls, kan nie die binneste van ‘n mens verander nie.
Dis slegs deur bonatuurlike genade van God moontlik.
Jy kan ook nie ondervinding ontwikkel nie. Jy moet dit ondergaan.
Om een dag ‘n verloorder te wees en die volgende dag ‘n wenner, gaan groot verandering in jou gesindheid vereis.

Hierdie genade is die onverdiende geskenk van God se krag, om jou te help om te doen wat jy nie uit jouself kan doen nie en om te wees wat jy nie self deur jou eie krag kan wees nie.
Genade is God se bonatuurlike krag wat jou help om Hom te gehoor-saam en soos Hy te funksioneer.

Weet net dat jy nooit die genade en liefde van God kan verloor nie. Skuldgevoelens is net die waarskuwing dat jy tydelik uit voeling met Christus is.

2. Om 'n effektiewe gebedslewe te ontwikkel.
Jesus sê in ***Mattheus 26:41;***
'Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak'.

Daarom, as jy 'n effektiewe gebedslewe wil ontwikkel van aanhoudend in gebed wees, kan dit alleenlik kom op die basis van God se krag. Goddelike dissipline en uithouvermoë gaan jou daarheen neem.

Jy moet op die punt kom dat, as jou vlees weier om God se aangesig te soek, jy Hom moet vra vir genade om alle verleiding en misleiding in jou teen te staan. Dit kan jy net in geloof doen.

3. Om ten volle in bedieninge en diens van God te staan:
Om in bediening te staan en effektief te wees is onmoontlik as jy staat maak op jou eie krag alleenlik. Die prediking en lering van God se Woord moet gesalf wees met die bonatuurlike krag van God.
Om die waarheid te praat is nie preek nie. Dit beteken net dat jy iets kosbaar deel uit jou hart, omdat jy omgee.

Daar is baie predikers wat die woorde van die Bybel met groot gemak kan uitspreek, maar as die element van krag nie daar is nie sal dit nie die gewenste effek hê nie.
Die oomblik as jy net staat maak op jou eie krag is dit die grootste rede van uitbranding en flouheid in leiers.

4. Oorwinning oor sonde:
Ons kan nie sonde oorwin in ons eie krag nie.
Dis die rede waarom so baie mense in die kerk net nooit kan klaarmaak met sekere dinge in hulle lewe nie. Dis soos nuwejaarsvoornemens: Dit hou net vir drie tot vier dae. Die oomblik as ons dink ons kan oorwinning kry, staan die deur maar net nog oop. Daar is altyd 'n gevaar dat die bose langs hierdie weg kan insluip en dan gaan dit nog erger met jou.
Onthou: Daar is met sonde afgereken op die Kruis. Daar het ons die vermoë gekry om 'n skoon en heilige lewe te lei. Daarom is sonde veronderstel om nie meer vatplek op jou te kry nie.
Die oomblik as sonde of verleiding wil inkom, sal die krag wat uit

Jesus kom, jou kan vrymaak daarvan. Die probleem is nie die probleem nie. Die probleem is: Wat is jou gesindheid teenoor die probleem.

5. Om Satan en sy demone te oorwin:
Elkeen van ons het God se bonatuurlike krag nodig om sataniese aanslag en demone te oorwin.

Die ewige oorlog teen hulle is 'n daaglikse oefening.
So baie mense wil maar net nie verstaan dat daar 'n bonatuurlike lewe bestaan, en dat daar nie net engeltjies daarin is nie.

Die oorlog tussen lig en duisternis gaan daagliks aan en ons is in die middel daarvan. Jesus het Satan oorwin op die kruis, maar ons as gelowiges moet daardie oorwinning afdwing op die bose. Jy moet net oorwinning kry oor die vrees vir die bose.
Ek het oor jare geleer dat ek nooit bang moet wees om op te staan teen enige ideologie wat ek glo verkeerd is nie.

6. 'n Gehoorsame hart.
Romeine 15:18;
'Want ek sal nie waag om iets te sê van dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie.'
Om die Woord van God aan mense te gee sonder 'n demonstrasie van krag, sal baie min mense opgewonde maak en dit sal ook nie radikale verandering in hulle meebring nie. Dis tog so waar dat as ons tekens en wonders sien met bediening, sal mense net daar aangeraak wees. Ook om te beraad en te dien sonder bonatuurlike openbaring, bly maar net jou eie krag en dis te min werd!
Dis slegs wat bonatuurlik is wat permanente verandering sal bring. Iemand in die kerk wat werklik in hierdie krag glo, is vir God meer werd as nege-en-negentig manne wat slegs belange in die saak het.

7. Die vermoë om goeie resultate in 'n kort tydperk te sien:
Handelinge 14:23;
'En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, ná gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het'.

Daar is bewys dat die apostels hierdie taak in ses maande voltooi het. Met die meeste bedieninge vat dit tussen drie en ses jaar om leiers, ouderlinge en ampsdraers toe te rus.

Was daar dan iets in die eerste eeu se kerk teenwoordig wat ons nie vandag in kerke sien nie? Ja. Die krag van God was orals teenwoordig vir almal om te sien.

Wanneer God se krag manifesteer, produseer dit 'n atmosfeer waarin Heilige Gees mense kan verlos en vrymaak wat al in die kerk vir jare al sit, sonder verandering.
Ons sien so dikwels dat mense hier in ons eie gemeete totaal verlos raak en verander, sonder dat iemand hulle spesifiek bedien het. Dit is die teenwoordigheid van krag wat voortdurend hier funksioneer. Onthou die hemel is oop hier bo! Die krag is beskikbaar. Dit hang net af of ons dit kan vat en daarmee loop. Die boodskap vol met God se krag, kan ons laat vooruitgaan in dae na die vlak toe wat ons normaalweg jare sou neem om te bereik.

8. Om 'n effektiewe getuie te wees vir Christus:
Handelinge 1:8;
'Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.'

Die mees belangrikste taak waarvoor God ons kom bekragtig het, is om 'n effektiewe getuie te wees van Jesus se bonatuurlike krag.
'n Getuie is iemand wat persoonlike kennis opgedoen het direk vanaf die bron en wat in staat is om hierdie getuienis te bewys van dit wat hy gesien en gehoor het. Ons moet net in gedagte hou dat die menslike verstand nie bonatuurlike getuienis kan lewer nie. Slegs God se krag kan. Ons is geskape in God se beeld sodat ons kan doen wat Hy doen. Wanneer kan ons doen wat Hy doen?
Die oomblik as ons vervul word met Heilige Gees.

OPSOM: God wil ons vul met bonatuurlike krag in Jesus Christus,
* om ons karakter te vorm,
* om 'n effetiewe gebedslewe to ontwikkel,
* om God werklik te kan dien,
* om gewoonte-sonde te oorwin,
* om Satan en sy magte te kan oorwin, en
* om 'n effektiewe getuie vir Jesus te wees.

Die oomblik as ons hierdie keuse maak is God daar om ons te ondersteun en om ons te lei in 'n oorwinnende lewe.

.....

VERBOND VAN BESKERMING

Dis altyd belangrik om die hele wapenrusting van God aan te trek. Elke dag is nie nodig nie. Laat jou deur die Gees lei wanneer om dit te doen.

God is besorgd oor jou en jou beskerming. Hy sal aan jou 'n skild van geloof gee wat enige aanslag van die duiwel sal kan weerstaan. Die demoniese mag wat jou voortdurend wil aanval sal magteloos wees agv. die skild van geloof wat jy sal dra. Jy sal van nou af die vyand kan beveg vanuit 'n hoër posisie van outoriteit.

In die verbond van beskerming word God aan jou gekoppel as jou belangrikste beskermer. God sal Hom oor jou, jou vrou, jou familie en die geslagte wat nog moet kom, ontferm en julle beskerm.
Die verbond van beskerming sal wees van geslag tot geslag en selfs die saad van voortplanting sal nie deur die vyand aangeraak kan word nie.

Die vyand sal op verskeie maniere probeer om jou aan te val. Daar kom in elke gelowige 'n tyd waar die vyand jou met toordery, goëlery en manipulasie sal toets, maar die Here sal 'n muur van verdediging om jou bou. Die verbond van beskerming sal dit verhinder.
Hoe hoër jy styg in outoriteit, hoe meer sal die vyand strategieë teen jou probeer opbou, maar God sal jou beskerm. Hy sal enige van die vyand se agenda's teen jou, verwoes.

As jy die hele tyd voel jy is aan die verloorkant en twyfel of God daar is, is dit 'n teken dat die verbond van beskerming tussen jou en God nie bestaan nie.
As die verbond tussen jou en God staan, sal jy nie meer net ingestel wees op verdediging nie, maar sal jy oorgaan om self aan te val.

Jy moet bewus wees dat die hele skepping van God deel sal wees van jou beskerming.
Die son, die maan en die sterre en die hele uitspansel weet dat jy 'n man van God is. Net so sal die engele optree indien die duiwel 'n motorongeluk vir jou beplan. Hulle sal die pad vir jou skoonmaak.

Indien Satan sal probeer om 'n deur in jou lewe oop te maak met dinge soos woede en sonde – die verbond sal dit verbied.

Die bediening wat God vir jou beplan soos genesing en bevryding sal gebeur – die duiwel kan dit nie verhoed nie agv. die verbond van beskerming.

Jou bediening wat moet kom gaan groot belangstelling uitlok.
As jy kan opstaan in God se krag sal die duiwel geneutraliseer wees.
In jou bediening sal daar groot teenstand wees van die koninkryk van duisternis. Dis waar die verbond van beskerming nou inkom.
Engele sal formeel opgeroep word om na jou en jou bediening om te sien.

Wanneer jy op die aanval gaan en Satan teenstaan, sal sy demoniese mag wegvlug. Hulle kan weer hergroepeer na 12 tot 24 uur, net om te besef dat hulle demoniese agenda's teen jou verwoes is. Hulle sal later weer pogings aanwend om jou teen te staan, maar sal nie kan nie agv. die verbond van beskerming, want 'n muur van vuur sal om jou wees.

Die verbond van beskerming hoef nie weer hernu te word nie.
Dit is nie 'n godsdienstuge aktiwiteit nie.
As dit een keer gedoen is, is dit vir verseël en is dit vir ewig.
As jy dit deelagtig is, gaan uit en doen dit vir andere.
Dis waarom dit ook belangrik is vir besigheidsmense en vir die beskerming van hulle besighede.

PROFETIESE AKSIE VAN DIE VERBOND:

God wil graag ook persoonlike besoeke aan jou huis bring.
Die dak van jou huis sal oopmaak soos 'n tregter en verbind wees met die hemel. God wil nie net 'n God wees wat jou huis wil besoek nie, Hy wil 'n God wees wat daar kom woon.
Sy begeerte is nog altyd om hier te wees en in jou te wees.

Plaas drie stoele in 'n ry.
Die stoel in die middel is vir God die Vader.
Aan Sy regterhand is die Seun en aan Sy linkerhand Heilige Gees.
Die drie stoele is die simbool vir die Drie-eenheid wat nou hier gaan bly en wat getuies gaan wees van die verbond van beskerming.

Kniel nou voor die middelste stoel en bid:
'Hemelse Vader, in die Naam van Jesus Christus is ons bymekaar in hierdie huis. Beskerm hierdie man presies net soos U gedoen het met U profete, apostels en konings.

Hy is hier want hy wil saam met U werk, Vader God. U is so welkom'.

Nou voor die stoel aan God se regterhand:
'Here Jesus Christus. U sit aan die regterhand van God die Vader. Baie welkom hier. U ken hierdie man, sy familie en sy bediening. Ek vra dat U hom sal seën. U is so welkom om by hom te woon'.

Nou die stoel aan God se linkerhand:
'Heilige Gees, U is die enigste een van die Drie-eenheid wat op aarde is. U is so welkom om hierdie man se vriend te wees.
Ons verwelkom U teenwoordigheid en vra of ons 'n verbond van beskerming met U kan sluit.
Hierdie verbond sal verseël word met die Bloed van Jesus en Sy Vlees. Mag hierdie verbond vir ewig wees en mag dit gaan van geslag tot geslag, totdat Jesus Christus terugkeer'.

Skepping van God: Die aarde, die sterre en die uitspansel. Alles wat deur God geskep is: Welkom.

Dankie Heilge Gees dat ek U kan vertrou met hierdie man.
Hy is 'n man van God en 'n pilaar in die koninkryk van God.
Ek vra dat U aan hom 'n oop hemel sal gee en 'n oop deur vir sy bediening.

Indien hy betrokke raak in oorlogvoering, mag elke deel van die skepping saam met hom wees. Gee aan hom die bediening van Josua en waar hy sal gaan, sal U alles aan hom gee.
Vader, laat U koninkryk kom in sy lewe soos wat dit in die hemel is. Ons gee sy kinders aan u en al die kinders en kleinkinders wat uit hom gebore sal word. Mag hulle almal aan U behoort en U dien.

Ek vra aan U Heilige Gees om die dak van hierdie huis oop te maak. Laat hom 'n vars openbaring van U ontvang.

NAGMAAL:

Ons verklaar dat hierdie die Bloed van Jesus is en hierdie die liggaam van Jesus Cristus, terwyl ons hierdie verbond verseël.

Seën hom met 'n lang lewe en mag die verbond van beskerming bly tot aan die einde van dae. **AMEN**

.....

NUWE UITSTORTING VAN DIE GEES

Daar is dinge wat ons weet dat ons dit weet.
Daar is dinge wat ons nie weet nie, maar ons weet ons weet dit nie.
Maar, daar is dinge wat ons nie weet nie, en ons weet nie dat ons dit nie weet nie.
Hierdie dinge wat ons nie weet dat ons dit nie weet nie, beperk ons vermoëns om te sien wat nog gaan kom, want dit skep 'n leemte in ons verwagtings.
As ons dieper kyk na die skepping, kom ons agter dat ons God beter kan verstaan. Ons sal moet begin meer leer oor klank, lig, enegie, frekwensies en vibrasies. Dis dinge wat God geskape het.

Daar is soveel wat ons kan leer as ons net na die natuurlike lewe kyk. Jesus het gelykenisse vertel oor die natuur en natuurlike prosesse. Ook oor skape, druiwe, die weer, hoe om te plant en te saai. Hy het dit gedoen om geestelike dinge aan ons duidelik te kom maak. Ook in die wetenskap en fisika word goed nou deur God openbaar, wat direk in verhouding met die geestelike lewe staan.

Profetiese woord van Judy Franklin:
'Mense het bo in die bokamer gewag op die dag van Pinkster toe daar skielik uit die hemel 'n geluid gekom het soos van 'n geweldige rukwind'.
Daar gaan nou weer 'n geluid wees wat gaan kom uit die hemel. Dit was 'n geluid, nie 'n wind nie. Hierdie geluid – klank – sal weer kom en net soos wat die mense in die bokamer verander is, so sal hulle wat die geluid hoor wat van God kom, weer verander word.

Mense word nie weer geroep om in die bokamer bymekaar te kom en te wag nie. God verwag van hulle om op 'n plek te wees waar hulle gees in 'n bokamer-posisie sal wees, om te ontvang wat Hy nou gaan vrystel. Dis die klank wat gaan kom wat mense sal laat besef hulle moet nou anders dink en begin optree '.

Sy skryf dat sy na die uitstorting van God se Gees, dinge gesien het wat gebeur met die mense wat verander is deur God se geluid.
Sy sien mense in Japan staan by die kus. Skielik uit die see is daar 'n geweldige Tsunami oppad. Hierdie mense het hulle hande uitgesteek en na die tsunami gewys en beveel dat dit dadelik moet stop.

Skielik het alles net gaan lê en stil geword. Duisende mense het vorentoe gestorm om hierdie God wat dít kon doen, te leer ken. Orals het sy in die gees gesien hoe hierdie 'veranderde mense' vloede stop, orkane laat bedaar en winde laat stil word. Daar was mense in 'n stad wat deur 'n geweldige tornado bedreig is. Dié wat deur die geluid verander is het hulle hande uitgesteek en na die tornado gewys en dit beveel om te gaan lê. Dit het dadelik gebeur.

Sy het ook gesien hoe hierdie mense wat verander is, loop in strate van stede. Ongelowiges het om hulle saamgedrom en gesmeek om dit te kry wat hulle het. Die gevolg was die grootste uitstorting van die Gees en herlewing wat die wêreld nog ooit gesien het. Die wêreld kon daarna nooit weer ontken dat daar 'n God is nie. God sal Heilige Gees gee om ons toe te rus met krag om die werk te kan doen.

Ons wat hierdie nuwe geluid verwag, moet ons harte voortdurend in 'n bokamer-posisie plaas en wag vir wat God nou vir ons wil kom gee. Ons moet nooit dink dat die wêreld so verwoes gaan word dat ons nie nog 'n rol gaan speel nie. Ons word juis toegerus om die wêreld te wys wie God is. Die wêreld is so vol van namaaksels. Ons Christene word aangemoedig dat, dat as ons 'n namaaksel sien, ons moet gaan soek vir die oorspronklike.

Romeine 8:18-22;
'Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie. '
Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaar-making van die kinders (seuns) van God. Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe, nie gewillig nie, maar ter wille van hom wat dit onderwerp het in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God.
Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe'.
Wat bedoen Paulus hier as hy skryf: 'Die hele skepping wat teruggehou word, wag met reikhalselnde verlange op die openbaar-making van die seuns van God?'

Wie wag? Die skepping. Nie net mense nie. Waarvoor wag hulle? Die Woord sê hulle wag vir die heerlikheid wat moet kom, wat so groot is dat dit alles wat alreeds gebeur het, ver gaan oortref.
Ons moet besef dat die hele skepping – alles – onder geweldige druk en aanslag was oor al die eeue. Ons dink dis net mens by wie Satan oor jare gesteel het. Nee, hy het ook van die skepping van God gesteel. Daarom skryf Paulus: Die skepping moet self vrygemaak word van slawerny. Dis waarom die skepping sug en wag dat ons, die seuns van God, moet opstaan.

God wil vir ons sê dat daar oor die eeue baie bewegings was, maar dat Sy kinders nog nooit besef het wat die krag is wat in hulle geplaas is nie. Hy skryf dat daardie krag veronderstel is om dooies op te wek, alle siekes gesond te maak en duiwels uit te dryf.
Ek glo dat sommiges tevrede voel oor wat hulle al reggekry het, maar as ‘n geheel het ons onderpresteer.
Christus sê dat ons groter werke gaan doen, maar niemand kon dit nog ooit regkry nie.

Hierdie is die tyd wat Christus belowe dat ons ‘n tyd sal ingaan wat ons normale manier van dink totaal sal verander. Dit sal ingelei word deur die groot klank vanuit die hemel. Hierdie is die geluid wat ons sal verander soos daar in Romeine 8 staan. Daar sal ‘n tydperk van openbaarmaking wees.

Die oomblik as dit gebeur sal ons verstand onmiddellik vernuwe wees, sodat ons sal dink en optree soos Hy. Ons sal nie meer wees soos normale mense in die wêreld nie, maar soos Hy.
Ons mandaat sal wees om hemel na die aarde toe te bring en dat die Koninkryk in ons gevestig kan word.

Hierdie is feite wat ons nou al ‘n paar keer gehoor het, maar nog nie ernstig genoeg opgeneem het nie. Die groot rede is dat ons God nog nie vertrou dat Hy ons kan verander nie.

Die Bybel sê dat as ons die geloof van ‘n mosterdsaadjie het, sal ons vir ‘n berg kan sê ‘beweeg’, en hy sal beweeg. God sê dat die oorspronklike krag wat met slegs ‘n gesproke woord die wêreld kon skep, nog steeds beskikbaar is vir ons.

Jesus het storms stilgemaak – dus kan ons ook.
Daar moet weer dae kom dat as ‘n kind kanker kry, ons weer in hierdie krag moet beweeg en slegs sê: ‘Kanker, verlaat hom nou, in Jesus se Naam. Hierdie kind is nie gebore om te vroeg te sterf nie. Lewe kom terug’. En dit sal gebeur.

Jonathan Edwards, die man wat die Walliese herlewing gelei het in die 1800’s het gesê: “n Groot werk vir God, sonder die nodige teenstand, moet nooit verwag word nie. Daar gaan aan die einde van dae ‘n groot werk deur God gedoen word. God gaan kennis en openbaring uitstort op Christene, wat vir jare verlore was vir die kerk. Dit wat verborge was, gaan oopgemaak word met lering en tekens, wat vir die toekomstige kerk voorberei word’.

Wayne Gretzky, die grootste yshokkiespeler wat die wêreld ooit gehad het, het geskryf. ‘My grootste sukses het gekom toe ek besef het om nie te skaats na waar die ‘puck’ is nie, maar waarheen hy oppad is’.

Dis die een fout wat Christene maak. Ons haak so maklik vas op die plek waar ons nou is, en sukkel met motivering om verder te gaan. Hoekom? Omdat elke keer as God beweeg, is dit vir ons onbekende veld en is ons huiwerig. Ons het so min geleer om net te glo en aan te beweeg, sonder die honderd vrae. En die vrae word aan mense gerig, nie aan God wat regtig die antwoorde ken nie.

God het aan ons ‘n nuwe dimensie beloof toe Hy gesê het dat Hy sy Gees gaan uitsort oor alle vlees. In hierdie tye moet ons baie bewus wees dat daar ‘n dieper kennis aan ons openbaar word in die vorm van lig, klank, energie, vibrasies en krag.

Die profete kom agter dat hulle woorde sekere krag en energie dra. Daar is iets agter hulle woorde wat ‘n groter krag dra. Dit bekragtig die uitgespreekte woord en maak mense meer ontvanklik daarvoor. Ek kan ook daarvan getuig dat as ons mense bedien, daar ‘n sekere kragdimensie vrygestel word.

Dit gaan nie net oor die persoon wat bedien word nie, maar raak ook aan die mense wat om jou staan as jy bedien. Skielik kan mense ook bedien wat nooit voorheen die vrymoedigheid gehad het om dit te doen nie.

Dit bring ons by lig. Die oomblik toe God gesê het: 'Laat daar lig wees' het baie dinge begin. Dit was nie net die lig wat ons sien as helder lig nie, dit was ook die begin van klank en dus ook van musiek.

Toe daar lig kom, was dit ook die begin van die vrystelling van die lig van Sy heerlikheid. Onthou, die son en die maan is nie geskape voor die vierde dag nie. Die lig van Sy heerlikheid het begin skyn en skyn nog vandag op verskillende frekwensies. Al kom lig en klank uit verskillende bronne, bly dit essentieël dieselfde ding.

1 Johannes 1:5;
God is lig, en geen duisternis is in Hom nie.

Alles wat God ooit geskape het, het gebeur deur die kreatiwiteit van Sy stem. Die klank wat daar voortgebring is het die begin ingelui van 'n ewigheid waar klank een van die belangrikste kragte ooit sal wees. Die dag toe Jesus gebore is sien ons die engel van die Here optree met 'n magtige uitstraling van lig. Skielik was daar miljoene engele wat begin sing het. Halleluja! Die klank uit die hemel het aarde toe gekom.

Daar was klank toe die Drie-eenheid saamgekom het met die doop van Jesus. God wat uit die hemel praat met 'n magtige stem.
In Openbaring is Johannes op Patmos. Skielik is daar die klank wat klink soos baie waters en die gedonder saam met dit.
Om deel te wees van dit wat nou kom – oortref alles.
Laat ons in die verwagting lewe op die volgende uitstorting van Sy Gees.

.....

JOU GEESMENS

Daar is drie geestipes in die wêreld.
Heilige Gees van God, bose geeste (demone) en die menslike gees.

'n Mens is geskape in 'n drieledige vorm. Dit bestaan uit sy gees, sy siel en sy liggaam. Ons sien iets daarvan toe Moses die Tabernakel bou met 'n voorhof, 'n binnehof en die Allerheilige deel.

Jesus Christus het met die Jode van sy tyd gepraat en gesê: Julle is besig om my tempel uitmekaar te skeur. Hy het hier duidelik oor sy eie liggaam gepraat. Toe Hy daarna weer sê dat Hy die tempel gaan herbou in drie dae, het Hy ook oor sy liggaam gepraat. Dis waarom die drie dae in die graf nodig was.

Om die gees mooi te verstaan moet ons weet hoe ons geskape is. Die liggaam is sienbaar en dis hoe ons lyk. Die siel beheer ons karakter, ons emosies, ons intellek en ons wil. Maar, die geesmens bly vir ons onwerklik. Net omdat ons nooit daaroor geleer is nie.

Vanaf geboorte tot wedergeboorte stimuleer ons slegs twee gedeeltes: Die liggaam en die siel. Ons raak nie aan die geesmens nie. Dis waarom ons groot word – geestelik ongeletterd.

Johannes 4:24;
'God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid'.
Die Bybel sê duidelik dat die ware aanbidders, God sal aanbid in gees en in waarheid. Die 'g' van gees is 'n kleinletter en dus is dit nie Heilige Gees nie, maar jou eie menslike gees.

Ons kan God aanbid in die voorhof: Deur aanbidding met ons liggame: Dis sing, dans, kniel of selfs op die grond lê. Aanbidding in die binne-hof begin nou ons harte en ons verstand betrek en aanbidding begin nou vorm aanneem en 'n werklikheid word.
Die aanbidding in die Allerheilige gaan nou verder as ons harte en verstand – dit raak verlore in die geestelike en ons beweeg in die teenwoordigheid van God in.

Hierdie is die kontak tussen jou gees en God. Jou gees kan Hom nou ontmoet en Hom aanbid – tot in Sy troonkamer. Dis wanneer Heilige Gees jou gebede oorneem. Die Bybel sê: In die stadium weet jy nie hier hoe om te bid nie en daarom moet Heilige Gees oorneem in jou

swakheid, met klanke en selfs sugte en kreuning. As jou menslike mond nie die klanke kan voortbring nie, sal jou geesmens dit doen.

Hebreërs 4:12;
'Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees.'

Skeiding tussen siel en gees is moontlik. Die woord van God kan dit doen. Ons moet dit kan skei – siel en gees – sodat ons deur ons gees beheer kan word en nie deur ons siel nie.

Adam en Eva was voortdurend in kontak met God deur hul gees terwyl hulle in die Paradys was. Hulle geesmens het hulle totaal beheer. Daar was duidelike opdragte oor die aanraak en eet van die Boom van die lewe en die boom van die kennis van goed en kwaad. Hulle het geweet wat die gevolge sou wees: Hulle sou sterf.
Wat het gebeur toe hulle die verbode vrug eet? Hulle het dadelik besef hulle is naak. Met die eet van die vrug en die val in die sonde, het hulle geesmens los van hulle geraak.
Dit was die begin van die proses van dood. Die oomblik toe geesmens loskom en hulle verlaat, besef hulle hul is nakend.

Vir hulle om hierdie ding te oorleef, moes God bevryding op hulle doen sodat hulle geesmens kon terugkeer, maar, daar was alreeds permanente skade.
Ons moet hier besef dat Adam en Eva nog 'n rol moes speel om die geslagsregister van Jesus Christus te begin.

Dit bring ons by 'n saak waar mense nie respondeer op gebede vir genesing en bevryding deur God nie. Ook dat hulle nie seëninge van Hom kan ontvang nie. Hulle is gewoonlik gered, maar nie ontvanklik nie. Daar is net twee redes daarvoor:
Eerstens: Hulle sit in die kerk, maar het nog nooit werklik 'n oorgawe gemaak aan die Koningskap van God nie.
Gered? Ja, maar op 'n afstand.

Hulle kon nog nooit in hulle verbeelding en in die gees regtig genesing na hul toe sien kom nie. Daar is altyd voorwaardes en twyfel en skeptisisme.
Hierdie soort persone het soveel teleurstelling al gehad omdat hulle voel dat daar nooit geestelik iets met hulle gebeur nie.

Ongelukkig is die manier waarop hulle grootgeword het, wat die grootste rol speel. Om net in godsdiens te wees maak nooit jou gees aktief nie.

Die vraag is dan altyd: 'Wanneer gaan jy jou gesindheid oor hierdie saak verander?'
Dis die ander persone wat in geloof kom om vir jou te bid, wat nou skielik onder verdenking is, omdat jy nie dadelik verander nie.
Jy sal na hierdie kerk toe kom en omdat jy nie dadelik gesond geword het na 'n gebed, sien ons jou nooit weer nie. As jy dink dat God daarmee tevrede sal wees, moet jy maar net aangaan.

Tweedens: Jy is soms nie ontvanklik vir genesing en bevryding nie, net omdat daar deur die vyand aan jou geesmens gepeuter is.
Onthou dat jy in jou gees 'n ontvanklikheid moet ontwikkel vir die hand van God. Dit het met die bidder niks te doen nie. Dit het alles met jou, wat moet ontvang, te doen.

Wat gebeur dan ook? Ek en jy gaan Intensiewe sorg of Hospice toe om vir iemand te bid wat baie siek is. Gewoonlik is die familie dié wat desperaat is. Na gebed gaan die persoon nog steeds dood.
Wat het hier gebeur ?
Dit gebeur nie omdat die siekte skielik erger geword het nie.
Dit gebeur omdat die geesmens van so 'n persoon alreeds in 'n proses was om homself los te maak van sy liggaam.

'n Persoon ontvang altyd eers sy genesing en bevryding deur sy gees. Daarna gaan dit deur na sy emosies en sy liggaam toe.
As sy gees nie in 'n posisie is om genesing en bevryding te ontvang nie, sal daar baie min gebeur na gebed.
Ek sal altyd sê: Jou siekte en gebondenheid is nie jou probleem nie. Jou gesindheid oor die probleem is die probleem.

As iemand kanker kry maar hy weet dit nie, gaan sy lewe soms net normaalweg voort. Natuurlik net tot in 'n sekere stadium.
Maar, die oomblik wanneer hy hoor hy het kanker, begin daar 'n proses. Hy besef skielik dat hy moontlik daarvan sal doodgaan.
Nou begin sy gedagtes en hart vir so 'n mens sê om homself voor te berei vir die dood. Daarna kom daar 'n losmaking van die geesmens.

So ‘n persoon vind homself nou in ‘n posisie waar die siel en die liggaam natuurlike dood begin aanvaar. Genesing van God se kant kan net nie ontvang word nie, want jy is nie ‘n volledige persoon nie.

Dis presies wat gebeur as iemand HiV positief raak. Die oomblik as ‘n persoon die nuus kry, begin ‘n proses waarin hulle gouer doodgaan, want hulle dink dag en nag aan die dood. As die gedagtes van die dood inkom, maak die geesmens gereed om te gaan.
Dit is nog nooit God se plan dat dit so moet werk nie. Dis tog waarom daar genesing, bevryding en deurbrake moet wees.

Daar is jare gelede ‘n toets in Amerika gedoen.
Aan tien mense by wie kanker gediagnoseer is, is gesê die toetse was negatief en dat hulle geen behandeling verder nodig het nie. Daar is ook aan tien ander mense in die studie gesê dat daar kanker by hulle opgetel is, maar dat dit nie behandel gaan word nie. Hierdie mense was nooit siek nie – dis net vir hulle gesê.
Die resultaat was dat die mense met die kanker, na tien jaar nog almal ‘n normale lewe gehad het. Die tien waarvoor daar slegte nuus was, was almal binne tien jaar dood.
Ons moet besef dat daar ‘n geweldige geestelike wroeging inkom met sekere dinge in jou lewe.
Die wil om deur jou gees aan te hou leef, hang van jou af.
Presies dieselfde gebeur met iets soos bevryding. Die persoon wat gebonde raak, is die een wat kan help met die oorwinning.

Al hierdie tyd waarin die sieke worstel met hierdie dinge moet ons weet dat hy bewus is daarvan dat hy nog hemel toe gaan. God verlaat hom tog nie. Daar is net ‘n onvermoë ingekom om dit wat die duiwel bring om mee te steel in jou lewe – dat jy dit kan teenstaan.

Ek het soveel ernstige siek mense sien tevrede wees om net te sterf en hemel toe te gaan. Hulle kon maar net nooit genoeg geloof bymekaar kry om gesond te word nie.
Meestal kon hulle in die normale lewe nooit genoeg geloof hê om net vervul te word met Heilige Gees nie. Hoe gaan jy nou as dit sleg gaan, God vir alles begin vertrou?

Presies dieselfde gebeur as daar insypeling gekom het deur oorerflike geeste, onrein geeste en demone. Dis nie altyd die kwessie om hulle uit jou te kry nie. Die kwessie is hoe gaan jy oorwin en aanhou oorwin sodat hulle nie weer kan terugkom nie?

As jy in jou lewe in die kerk nooit werklik ernstig met Christus was nie, hoe gaan jy dit nou tydens beproewing regkry? Ons moet nie uitstel om oor hierdie dinge te praat nie!

Ek was blootgestel aan ‘n groot groep mense in die kerk in Mosambiek wat almal slagoffers was van demoniese inisiasie. Hulle is deur hul ouers op ‘n baie vroeë stadium toordokter toe geneem waar hulle met ‘n lemmetjie gesny is. Die druppels bloed wat dan uitkom word deur die toordokter gedrink en daarmee inisieer hy die baba in die koninkryk van duisternis in.
Almal in die kerk het intusssen Christene geword, maar kon net nooit geestelik groei nie. Daar was ‘n band wat hul geesmens gevange gehou het. Hulle moes individueel bevry word hiervan om geestelik te kon herstel.

Verder: Elke persoon bestaan uit twee dele. Die een fisies, wat jy sien en die ander deel gees, wat onsienlik is. Die gees het sy eie manier om jou te beklee, net soos die fisiese mens.
Die oomblik as jy wedergebore raak kom beklee God jou met spesiale klere. ‘n Spesiale mantel word deur Hom om jou skouers gehang. Soos wat jy nou groei in die Here is daar voortdurend nuwe mantels en range waarin Hy jou neem. Dis ‘n aanduiding dat daar geestelike groei in jou lewe is.

Jou geesmens kan ook baie meer hanteer as jou fisiese liggaam. Dit het werklik onmeetbare potensiaal om goeie dinge in jou te stoor en jou toe te rus.
Jou rykdom lê nie in die bank nie, dit lê in jou gees. Jy sal nooit ryk word, al gee hulle vir jou genoeg geld. Jou rykdom kom wanneer God Homself in jou deponeer, deur jou gees. Al verloor jy ook alles op aarde sal jou geesmens kan aanhou trek uit jou bron.
Die duiwel het Job aangevat en hy het alles verloor. Hy kon egter nooit aan Job se gees raak nie, want dis waar sy krag gelê het.

In jou geesmens lê jou toekoms, jou oorwinning, jou genesing, jou bevryding en verlossing, jou salwing, die heerlikheid van die Here en al die wapens wat jy nodig het vir geestelike oorlogvoering.
Ongelukkig het Satan dit oor jare reggekry in die kerk dat ons dit nooit mooi verstaan het of geweet het nie.

Jy kan nie ‘n oorlog voer en wen waaroor jy te min weet nie.
Satan weet beter as die kerk dat informasie ‘n sleutel is. Sy magte is baie beter toegerus om ons aan die slaap te hou as wat ons besef. Ons is deur teologiese skole sonder om te besef wat regtig geestelik gebeur.

Hoe doen jy nou bevryding op iemand wie se geesmens soms nie in sy liggaam is nie? Ons praat dus van persone wat regtig deur bose geeste beheer word en nie net van emosionele bevryding nie.
Die eerste belangrike ding is om te kan onderskei waar die geesmens is. Heilige Gees moet hier vir jou as deel van die gawe lei daarin met openbaring. Engele is ook altyd daar vir bystand.
Die persoon wat bid se eie gees moet ten volle aktief wees.

Jy kan nie net staatmaak op die Bloed en die swaard en skild van geloof in tye soos hierdie nie. Daar is bonatuurlike dinge aan ons beskikbaar. Ons sal meer effektief wees as Heilige Gees meer aan ons van sy geestelike oë kan gee sodat ons kan sien in die gees.
Bid met salfolie dat elke juk van die duiwel van jou nek kan afkom.
Dissiplineer jou gees in gebed deur in tale te spreek.
Dit sal meer ontvang, want dit konnekteer met die Gees van God wat aan jou dinge sal gee wat jy nie normaalweg met jou mond sal kan sê nie.

.....

DIE ELIA BEDIENING

Een van die name van die Eindtyd-bediening wat gaan kom, sal die ‘ELIA-BEDIENING’ genoem word.

Volgens die skrif was die eerste een wat weer in hierdie bediening van Elia geloop het, Johannes die Doper.

Lukas 1:17;
‘En hy, (Johannes die Doper), sal voor Hom (Jesus Christus) uit gaan in die gees en die krag van Elia, om die harte van die vaders terug te bring tot die kinders en die ongehoorsames tot die gesindheid van die regverdiges, om vir die HERE ‘n toegeruste volk te berei’.

Ons besef dat Elia honderde jare voor Jesus, of dan ook Johannes die Doper, op aarde geleef het.
Die Bybel sê vir ons deur die profeet Maleagi dat God vir Elia, die profeet, sal stuur voor die koms van die Groot dag van die Here.

Maleagi 4:5-6;
'Kyk, Ek stuur julle die profeet Elia voordat die groot en vreeslike dag van die Here aanbreek. En hy sal die hart van die vaders terugbring tot die kinders, en die hart van die kinders tot hulle vaders, sodat Ek nie hoef te kom en die land met die banvloek tref nie'.

Die Elia-bediening draai weer die harte van die kinders en van die nasies tot God. Dis presies wat ons lees in 1 Konings 18.
Hier draai die hele volk weer hulle harte na God nadat Elia die vuur uit die hemel op die 450 Baäl-profete op berg Karmel laat val het.

Honderde jare later toe Johannes die Doper in sy bediening begin, het baie van die mense geglo hy was Elia.
Maar dit was slegs die Elia-bediening wat op hom gerus het.
Johannes die Doper het selfs klere gedra wat tipies was van die ou Elia-tydperk. Klere van kameelhare en hy het sprinkane en heuning geëet, soos Elia.

Die Jode was deeglik bewus van die belofte dat Elia die voorloper gaan wees vir die Messias se koms. Dit was so belangrik dat Jesus se dissipels Hom daarna gevra het.

Mattheus 17:10-13; 'En sy dissipels vra vir Jesus: Waarom sê die skrifgeleerders dan dat Elia eers moet kom? En Jesus antwoord en sê vir hulle: Dis waar, Elia kom eers en sal alles herstel, maar Ek sê vir julle dat Elia al gekom het, en hulle het hom nie erken nie, maar aan hom alles gedoen wat hulle wou. So sal die Seun van die mens ook deur hulle ly. Toe verstaan die dissipels dat Hy met hulle van Johannes die Doper gespreek het'.

Aan die einde sal daar nie net een mens wees met die Elia-salwing en -gees nie, maar die hele kerk.
Hulle sal dieselfde tekens en wonders doen as wat Elia het.

In ***Mattheus 17*** lees ons van die Verheerliking op die berg:
Hier stuur God die Vader vir Moses en Elia as 'n profetiese vervulling en om te wys dat Sy Seun Jesus is.

God kondig hier weer aan (***Mattheus 17: 5):***
'Dit is my geliefde Seun in wie ek 'n welbehae het. Luister na Hom'.

Die eerste keer toe Vader God uit die hemel gepraat het oor Jesus, het Hy slegs gesê: 'Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het'. Die woorde: 'Luister na Hom', is 'n aanduiding wie Jesus werklik is en dat Sy Koninkryk nou op aarde gevestig was.

In hierdie bergondervinding kom Moses as die verteenwoordiger van die Ou Testament en Elia as die inbringer van die Nuwe Verbond en toekomstige krag, wat sal rus op Johannes die Doper en dan later op Jesus Christus.

In Openbaring 11:1-6 sien ons die twee getuies wat presies dieselfde wonderwerke kom demonstreer wat Moses en Elia gedoen het toe hulle op aarde was.
'En 'n riet soos 'n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die wat daarin aanbid. Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.

En Ek sal aan my twee getuies gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend twee honderd en sestig dae lank sal profeteer. Hulle is die twee olyfbome en die twee kandelaars wat voor die God van die aarde staan. En as iemand hulle wil beskadig, gaan daar vuur uit hulle mond en verslind hulle vyande; en as iemand hulle wil beskadig, moet hy op dieselfde manier gedood word.
Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plae so dikwels as hulle wil'.

Hierdie is 'n voorbeeld van die bediening van die laaste dae.
God gaan krag gee aan Sy twee getuies: Die Messiaanse Jode en ons, die wêreld se 'nie-Joodse gelowiges'.
Tesame sal daar salwing wees van krag, tekens en wonders, soos in die dae van Moses en Elia.
Die tekens en wonders gaan die inbring van die oes inlei.
Moses hier verteenwoordig die outoriteit en Elia 'die krag'.
Moses praat hier namens die Ou Verbond en Elia namens die Oue én die Nuwe Verbond.

Hoe kan Elia die Nuwe Verbond kom toon?
Johannes die Doper was die beloofde vooruitganger van die eerste koms van Jesus Christus. Hy het gekom om die weg vir Jesus voor te berei en om vir die mense aan te kondig om gereed te maak: Jesus Christus gaan kom!
Johannes is met die Elia-bediening gebore om dit te kon doen.

God het ook die gees en krag van Elia belowe in hierdie laaste dae waarin ons lewe om die wêreld voor te berei op die tweede koms van Jesus. Dit sal deur die kerk – die liggaam van Jesus, vloei.

Maleagi 4:2; 'Maar vir julle wat my Naam vrees, sal die son van geregtigheid opgaan, en daar sal genesing onder sy vleuels wees'.

Daar sal 'n groot genesings-herlewing kom saam met hierdie salwing. So 'n herlewing gaan uitbreek as ons almal saam kan staan in gebed en in aanbidding. God is besig om te let op die vlak van ons intersessie, aanbidding en gebed.

Die tyd waarin ons lewe is dieselfde as die tyd van die 'Verheerliking op die berg'. God die Vader gaan weer met ons praat soos in daardie tyd. Hy gaan spreek tot die nasies en daarna gaan Hy Sy krag uit-stort. Hierdie krag sal die Moses en Elia-bediening wees. Daar gaan verseker weer 'n uitstorting van Heilige Gees wees. Hierdie keer op almal in verskillende kerke – almal wat gereed is daarvoor en gereed is vir die krag. Daarna sal almal wat voorgangers moet wees, na vore toe kom om die wêreld voor te berei vir Jesus Christus.

Hierdie bediening is nog nie effektief op aarde nie.
Ons bediening hier in Polokwane is spesifiek deur God gesalf om leiers voor te berei vir hierdie taak. Ons sal hier begin en later sal dit die lewens van miljoene mense aanraak.
Daar sal ook 'n bediening hier wees wat God sal gebruik om dooies weer lewendig te maak. Dit sal die aandag van die hele wêreld trek.

Wat is die koste van hierdie salwing?
God het lankal belowe dat Hy enige salwing of enige gawe aan iemand kan gee. Dit is moontlik dat Hy aan jou die gawes kan gee wat Hy alreeds aan iemand anders in die verlede ook gegee het, solank as wat jy doen wat hulle gedoen het om dit te kan ontvang.
Die antwoord bly nog altyd dieselfde: Die salwing sal jou alles kos. Dis so belangrik dat ons besef dis ook vir ons moontlik.

As God dit vir hulle kon doen, waarom nie ook vir jou nie?
Jakobus 5:17: 'Elia was 'n mens net soos ons'.
Ons sal in hierdie tyd Heilige Gees ervaar waar Hy nie net krag sal demonstreer nie, maar ook liefde en dissipline. Wanneer Heilige Gees waarlik in beheer gaan wees, sal daar balans en orde wees.
Om in hierdie salwing te beweeg moet elkeen van ons die krag van Heilige Gees soek – want dit sal die redding wees vir miljoene wat tans sonder hulp is.

Daar is net nog te veel mense wat optree soos Thomas – sonder geloof. ***Johannes 20:24-29;***
'En Thomas wat genoem word Dídimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie. Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie. En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle! Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig. En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God! Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het'.

Daar is soveel kerke en mense dwarsoor die wêreld vandag wat nie glo dat die geestelike gawes werklik meer in ons midde is nie.
Daar word gesê: Die kerk het begin met die uitstorting van Heilige Gees en ons het dit nie weer nodig nie. Ek glo dit regtig nie.
As Petrus en Johannes later die beweging en gawes van die Gees nodig gehad het vir hul bediening, hoeveel te meer nie nog ons vandag nie!

Ons moet besef dat ons op 'n hoër vlak moet begin beweeg.
Daardie vlak is die volheid van die vervulling met Heilige Gees.
Dit kom nie outomaties nie. Elkeen moet dit afsonderlik deelagtig wees. Dis 'n persoonlike ondervinding met die Lewende God.
Dit is wat vir ons voorlê.
Ons sal die bonatuurlike krag van God weer sien in ons eie lewens en in die gemeenskap, soos eeue gelede in Bybelse tye – net groter!

.....

KARAKTER VAN HEILIGE GEES

Handelinge 1:4-5;

'En toe Hy nog met hulle saam was, het Hy hulle bevel gegee om nie van Jerusalem weg te gaan nie, maar om te wag op die belofte van die Vader, wat julle, het Hy gesê, van My gehoor het.
Want Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word nie lank ná hierdie dae nie.
Maar, julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde'.
Daarna kom die uitstorting van Heilige Gees op die Bokamer:

Handelinge 2:1-4;

'En toe die dag van die pinksterfees aangebreek het, was hulle almal eendragtig bymekaar. En daar kom skielik uit die hemel 'n geluid soos van 'n geweldige rukwind, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit.
En hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin spreek in ander tale, soos die Gees aan hulle gegee het om uit te spreek'.

Wat dan is die karakter van Heilige Gees?
Een ding wat ons as gelowiges moet besef is dat ons Heilige Gees moet sien as 'n sagte persoon – vol van liefde en baie bewus van protokol. Hy sal nooit inmeng met ons persoonlike lewens, tensy ons Hom vra om dit te doen nie.
Voordat ons Hom nader vir betrokkenheid, moet ons erkenning en eerbied aan Hom gee. Die grootste ding wat ons verhouding met Heilige Gees vertroebel, is as ons dinge doen wat nie strook met sy karakter nie. Hy is heilig, daarom is Sy doel om ons in heiligheid en in reinheid te laat wandel.

Die Bybel sê dat ons nie altyd weet hoe om te bid nie. Dis die tyd dat Heilige Gees sal instap en ons in ons swakheid kom bystaan.
As Heilige Gees dan altyd daar is om ons by te staan, ook in tye van nood en swakheid, waarom vra ons Hom dan nooit om te kom voordat ons bid nie? Elke gebedsessie moet voorafgegaan word met 'n uitnodiging aan Hom. Ons moet kan vra: Heilige Gees, openbaar aan my waarvoor en hoe ek moet bid.

In die Bybel sien ons hoe verskillende persoonlikhede opstaan om saam met Heilige Gees te werk:

Eerstens: God self kom en tree saam met Hom op.
In die tyd toe die Israeliete Heilige Gees bedroef het, het God self gekom en hulle gestraf daaroor. God tree op vir Hom na die onverskilligheid van mense.
Dit beteken nie dat Heilige Gees beskerming nodig het nie – Hyself is dan die kragbron. Maar, omdat Hy 'n sagte persoon is, tree Vader hier tussenbeide.
Hier sien ons die respek en protokol van die Hemele in aksie!
Omdat God weet dat ons Heilige Gees nodig het, sal Hy ter verdediging van die Gees optree die oomblik as ons verkeerde optrede Heilige Gees laat terugtrek. God kom in en sê vir ons: Julle het Hom nodig, wees versigtig.

Tweedens: Jesus Christus praat oor sonde teen Heilige Gees.
Toe Jesus 'n demoon uitgedryf het, het mense kom sê dat Jesus 'n demoonkoning gebruik het om duiwels mee uit te dryf.
Jesus weet dat die krag agter bevryding die krag is van Heilige Gees. Daarom sê Hy vir hulle dat hul enige iets teen Hom, Jesus kan sê, maar, as hulle iets teen Heilige Gees uitspreek, dit hulle nooit vergewe kan word nie. Hierdie sonde teen Heilige Gees kan nie deur die Bloed van Jesus vergewe word nie. Dis waarom Jesus so sterk optree hier vir die werk van Heilige Gees.

Derdens: Petrus in die krag van Heilige Gees.
Tydens die verhaal van Ananias en Saffira staan Petrus op vir Heilige Gees. ***Handelinge 5:3;*** 'Toe sê Petrus: Ananías, waarom het die Satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou? '

Omdat hulle in die teenwoordigheid van Heilige Gees gejok het in die kerk, het Petrus sy apostoliese oordeel oor hulle losgelaat en is hulle doodgemaak. God het nie vir Ananias en Saffira doodgemaak nie.

Hulle het gesterf aan die hande van 'n man van God, wat opgetree het in die krag van Heilige Gees.
Petrus wou nooit weet waarom hulle vir hom 'n storie kom vertel het nie. Hy wou weet waarom hulle Heilige Gees wou bedrieg!

Vierdens: Paulus oor die karakter van Heilige Gees.
Hy kom leer ons alles van die gawes van Heilige Gees en die belangrikheid daarvan in ons daaglikse lewe. Hy sal altyd sê: Word vervul met Heilige Gees, moet nie die Gees bedroef nie, moet nie die vloei van Heilige Gees beperk en uitblus nie. Heilige Gees het so 'n behoefte om saam met ons te werk.

Gelowiges is die kanale waardeur Heilige Gees moet werk.
Die kerk kan dit nie bekostig om Hom nie by ons te hê elke oomblik nie. Omdat daar altyd persone is wat die bediening van Heilige Gees nie eer nie, sien ons ellende vir ewig in hulle lewens.
Heilige Gees is tog uitgestort om vir my en vir jou lewe te gee!

In die kerk vandag het elkeen van ons soveel genade ontvang.
Die onmeetbare guns en goedheid van God.
Daar sal altyd diegene wees wat hierdie genade misbruik.
Hulle besef hulle doen sonde, maar vooraf het hul al gesê dat hulle maar net weer vir vergifnis gaan vra. Nee, stellig nie!
Ons lewe in tye waar ons God elke dag volkome moet vertrou vir genade en vergifnis. Ons het dit vir seker nie verniet ontvang nie.

Wat hou jy nog toe en weg vir God?
Gee jy aan Hom die tiendes wat Hom toekom, of hou jy ook terug?
Na die dood van Ananias het die vrees van die Here oor almal gekom. Daar is soveel kerkgangers vandag wat sukkel omdat hulle Heilige Gees bedroef en misken het oor die jare.

Die oomblik dat 'n predikant of 'n leier in die kerk 'n staat bereik waar hy ooreenkomste met die wêreld aangaan, is dit die einde van sy bediening. Dis egter nog nie die ergste nie: As hy sien hoe ander in sy kerk val in sonde en hy doen niks daaraan nie, sal die Gees van God hom verlaat. Hierdie is so 'n belangrike taak van elkeen wat heilig wil leef. Dis ook waarom bedieninge in die begin so kwesbaar is. Hoekom doen die meeste niks daaraan nie? Hulle is bang om iets te sê omdat hul dalk mense se aanhang kan verloor!

Mense, ons is nie net kerkmanne omdat ons mooi kan preek en werke kan doen met tekens en wonders, met die salwing wat ons het nie. Ons is manne van God wanneer Heilige Gees welkom voel in ons kerk. Die oomblik dat Heilige Gees voel hierdie is Sy huis, dán eers het ons iets bereik.

Ons leef in tye waar predikers mense sal omhels omdat hulle geld vir die kerk gee. Regte manne van God sal staan vir die waarheid – of mense van hulle hou of nie.
Dis so belangrik om mense in 'n kerk te hê wat die volheid soek, as een wat vol is van mense wat in rebellie teen Heilige Gees staan. Hier moet mense Heilige Gees eer en respek vir Hom hê.
Die oomblik as jy afwyk in jou respek vir ander in die kerk, het jy in rebellie gekom teen die geaardheid van Heilige Gees. Sy geaardheid is om heilig te wees. Laat liefde ons lei – nie net ons gevoelens nie.

Kerk moet nie net 'n plek van samekoms wees nie. Kerk moet 'n plek wees waar ons Heilige Gees se teenwoordigheid moet voel en Hom kan sien in ander mense. In Sy teenwoordigheid is daar vreugde en die volheid van God. In Sy teenwoordigheid is ons krag.

Hoe gaan elkeen van ons opstaan in 'n verhouding met Heilige Gees? Dit gaan begin met geestelike oorlogvoering. As 'n kind van God moet jy besef jy is in 'n geestelike oorlog betrokke.
Dis nie 'n vriendelike of aangename oorlog nie. Dit kan soms wreed wees. Oorlogvoering vir Heilige Gees begin in die kerk.

Terwyl 'n kerk aanhou preek dat Jesus Christus die Here is, is hy nie alleen nie. Daar sal in die gees teenkanting wees teenoor so 'n kerk. Daar is altyd geeste van duisternis teenwoordig wat die deurbrake en seëninge wat herders uitspreek in hulle kerk, wil steel.
As so 'n prediker nie kan opstaan teenoor hierdie verwoestende geeste nie, is daar probleme. Ons moet besef dat daar in elke kerk vlees en bloed persone is wat deur die duiwel gebruik kan word. Die onvermoë van so 'n kerk om op te staan, verkleineer die werk van Heilige Gees.

Hoe werk dit prakties?
Heilige Gees gee aan 'n gemeente sekere gawes. Hy persoonlik deel dit uit aan dié wat dit kan gebruik – en dis nie net altyd die voorgangers nie, dis vir almal. Die vraag is nou: Gebruik die kerk dit, of twyfel hulle? Hoeveel geloof is daar nou teenwoordig in hierdie kerk om die talente te neem en iets goed daarmee te doen?

Hoe werk dit wêreldwyd in die kerk? Daar is 'n baie siek persoon wat vir Jesus bid om genesing. Heilige Gees begelei hom nou na die kerk toe vir goddelike genesing. Die siek persoon ontvang nou geen genesing daar nie omdat die prediker se hande geestelik gebind is.

Waarom? Hy besef nie dat dit die krag van Heilige Gees is wat moet genees, omdat die Gees daar geen erkenning kry nie.
Prediking, genesing, bevryding en seëninge berus op Heilige Gees. As die Gees uitgeblus word in die gemeente en daar geen vloei is nie, is daar geen oortuiging of krag nie. Die probleem is nie net die gebrek aan gebed nie. Die probleem is die onkunde oor wie Heilige Gees is en wat Sy funksie in die kerk moet wees.

Die kerk vandag het sy vrees van die Here verloor. Hulle sien Jesus as saggies en teer. As jy dit toelaat beperk jy die bonatuurlike lewe. Elke gees van die duisternis sal jou teengaan. Jesus is sag en teer, ja, maar daar is baie meer daaroor te sê.

Tydens elke kerkdiens is Heilige Gees hier om ons te bedien.
Hy moet deur die leiers geëer en toegelaat word. Indien dit nie gebeur nie, sal Hy buite gaan staan en klop aan die deur. Hy staan dan buite en wag dat ons moet oopmaak.

Dit moet die doel van die kerk wees om toe te sien dat almal hier binne wedergebore is. Elkeen moet in gehoorsaamheid loop.
Satan kan mense so maklik mislei in die kerk. Van buite af lyk alles reg, maar intussen weet die hemel nie eers daar bestaan so ‘n kerk nie! Moet nie mislei word nie. Nie elke kerk wat die naam van Jesus gebruik is werklik van Hom af nie.

Predikers in kerke wil altyd voel hulle besit die kerk, sonder dat Heilige Gees ‘n sê het. Hulle oorhandig nooit hulle volle ondersteuning aan ware geestelike leiding nie. Die werklike altaar waar hulle kniel behoort aan mense en nie aan Jesus Christus nie.
Hier bid mense vir deurbrake wat net nooit kom nie, omdat hulle vreemdelinge vir die Koninkryk van God is.

Heilige Gees is in ons kerkdienste om God te verheerlik.
Hy is ons bron van vreugde en Hy kan ons gesindhede verander om op te tree soos seuns van God.

Ons sê so baie ons wil in God se perfekte wil wees vir ons lewens. Ek glo dat ons almal dit werklik bedoel, totdat ons vlees in die pad kom! As ons gereed is om hande te neem, kan ons ons grootste uitdagings oorwin.

▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪▪

DIE BONATUURLIKE LEWE.

Die bonatuurlike lewe beteken om in so ‘n mate van intimiteit met Jesus te beweeg, dat ons sal wees waar Jesus was op aarde.
Hy het baie duidelik gesê: ‘Ek doen net wat Ek my Vader sien doen en sê net wat Ek my Vader hoor sê’.

Die tyd het gekom om ons vlak van verwagting te lig oor hoeveel ons van God kan hê en kan sien.
In dieselfde manier waarop ons mense kon help om in die profetiese te beweeg en God se stem te kan onderskei, gaan ons nou ‘n tydperk binne waar ons die hele liggaam gaan help om hulle sintuie te gebruik. Met ons sintuie wat oop is kan ons net meer droom, visies sien en ‘sien in die Gees’-ondervindinge hê.
Die belangrikste ding wat ek en jy moet ervaar is die gees van eerste liefde.

Die kerk is moeg vir die wêreld, vir Satan, vir mediums, heksery en vir die New Age Movement.
Al hierdie dinge het ingesypel om ons weg te beweeg in die Gees van God se oorspronklike plan vir ons.
Hierdie wêreldse dinge het aan ons ‘n alternatief en ‘n vervalsing kom gee, wat dit moeilik maak om te onderskei van die regte ding.

Dis tyd om die bonatuurlike lewe te beleef en werklik te verstaan.
Dis wat ons nou daagliks moet soek.
Satan het ons lank genoeg weerhou van oorwinning.
Die woorde van ons tyd is: ‘Kom op hierheen!’

‘n Bonatuurlike lewe, gelei deur Heilige Gees, is beskikbaar vir elke Christen in elke nasie.
Hierdie apostoliese Christenskap bring demonstrasies van die hemel af aarde toe. Dis hoekom Jesuis kon bid: ‘Laat U Koninkryk kom op aarde, soos wat dit in die Hemel is’.

Sy hele bediening was om ons te leer hoe om dit te doen.
Ons het ongelukkig verval in ‘n klomp ‘hoorders’ en is nooit geleer hoe om ‘daders’ te word nie.

Ons geloof moet so sterk word dat ons daagliks Jesus se gebede moet bid en Sy dade moet doen.

Kolossense 3:2;
'Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.'

Voor ons almal is water.
Gaan ons die geloof hê om dieper in hierdie water in te gaan.
Die watervlak sal altyd dieselfde bly – die diepte waarin jy beweeg hang net af van hoe diep jy wil ingaan.

Die kennis en die heerlikheid van God sal die aarde nou bedek soos wat die waters die wêreld bedek. Ons lewe nou in die waters van openbaring en van kennis en van Sy heerlikheid.

Die engele van God staan gereed om die kennis en openbaring af te bring na ons toe. In die hande van die engele is oë en vlerke.
Hierdie is 'n teken van 'sien in die Gees' en tekens en wonders.
Die vlerke is altyd 'n teken van die hoër vlak van profesie en om hoër te vlieg as voorheen.

'n Groot hoeveelheid manne en vroue in die Bybel het drome, visies, besoekende engele, profetiese woorde en die hoorbare stem van God gehoor, beleef en ervaar.
Dit is so vir ons opgeteken om 'n riglyn vandag nog te wees.

Dis God se begeerte dat Sy kinders nou nog werklike ondervindinge met die Gees van die Waarheid moet hê.
Heilige Gees is die een wat die waarheid aan ons wil openbaar en Hy beheer alle bonatuurlike ondervindings – maak nie saak in watter vorm nie.

Elke geestelike ondervinding gaan oor intimiteit met Jesus.
Dit mag nooit gesien word as 'sommer net' nie.
Dit is waarom ons begeerte vir 'n geestelike ondervinding gemotiveer moet wees deur 'n passie om Hom te ken en Hom te sien.
In Efesiërs 1:17 staan dat ons 'die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag' kry.
God wil aan ons kom wys hoe maklik en natuurlik dit moet wees om te kommunikeer met die Een wat ons liefhet.
Dit is Sy begeerte vir Sy kerk vandag.

Ek lees van iemand wat vol van emosie sê: 'Skielik het Jesus afgebuk en my op die voorkop gesoen'.
Hierdie ondervinding het nie nasies geskud nie. Dit het geen stede

vir God ingeneem nie, maar dit het iets ontsettend groot vir daardie gelowige beteken. Dit het sy hele lewe verander.

As dit God se begeerte is dat Hy ons oë wil kom oopmaak sodat ons Jesus kan sien, Hom kan voel en so naby aan Hom te wees, is dit wat ek wil hê.

Ons sal ‘n lewenswyse moet aankweek waarin ons Hom moet soek en in Sy teenwoordigheid moet bly.

Wat Sy einddoel met ons gaan wees is onbekend.
Waarheen Hy ons gaan neem ook onbekend, maar tot dat daardie dinge gaan gebeur, is intimiteit met Hom alles in my lewe.

.....